"Iets hieroor het ons ongemaklik gestem": die verband tussen "ontlaering" en die kolonialeske in onlangse Afrikaanse taal- en letterkundige diskoerse

Luan Staphorst

LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)

2023-10-18

3

0 0 0 0 1 0 1

“Iets hieroor het ons ongemaklik gestem”: die verband tussen “ontlaering” en die kolonialeske in onlangse Afrikaanse taal- en letterkundige diskoerse

Luan Staphorst, Nelson Mandela Universiteit

***LitNet Akademies* Jaargang 20(3)** **ISSN 1995-5928**

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n3b5

Die artikel sal binnekort in PDF-formaat beskikbaar wees.

Opsomming

Die artikel ondersoek krities die artikulering van ’n begeerte na progressiewe verandering in die Afrikaanse taal- en letterkunde deur opkomende akademici. Twee sleutelontwikkelings het die afgelope paar jaar om so ’n begeerte vorm aangeneem, naamlik die *Ontlaering*-projek, wat op verskeie kongresse en spesiale uitgawes van vaktydskrifte uitgeloop het, en die *Sitkamer*-podsending, wat as ’n informele gespreksruimte oor Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde dien. Die begrip *kolonialeske* word as kritiese leesbril ingespan. *Kolonialeske* verwys na ’n diskursiewe verskynsel waar akademici sonder historiese begronding in ’n vakgebied eksplisiet progressiewe ideale deur hulle intellektuele werk nastreef – en as gevolg van die gebrek aan kundigheid tot hoogs foutiewe gevolgtrekkings kom. Die verhouding tussen akademikus en die navorsingstradisie verteenwoordig gevolglik ’n vorm van kolonialisme. Deur te fokus op diskoerse wat deur lede van die *Ontlaering*-projek en die *Sitkamer*-podsending – waarvan die meerderheid lede by beide betrokke is – aangedryf word wys die artikel op die problematiek van opkomende Afrikaanse akademici wanneer hulle hulself aan kolonialeske kennisvorming, identiteitsvorming en netwerkvorming skuldig maak. Die artikel lewer sodoende ’n betoog vir ’n histories begronde, kritiese en nederige navorsingskultuur – waarsonder geen progressiewe transformasie bewerkstellig sal word nie.

Trefwoorde: Afrikaans; akademiese diskoers; kolonialeske; ontlaering; *ontlaering*-projek; openbare intellektueel; pedagogie; *sitkamer*-podsending; taalpolitiek; transformasie

Abstract

“Something about this left us uneasy”: the relationship between “unlaagering” and the colonialesque in recent Afrikaans linguistic and literary discourses

Afrikaans linguistics and literary studies, much like the language community more broadly, faces various pressing issues in relation to its position and future within the South African academy specifically and society at large. A recent movement that has attempted to grapple with these concerns is represented by the *Unlaagering* project – a series of academic gatherings that has led to the publication of special editions of peer-reviewed journals – and the *Sitkamer* podcast. With the majority of organisers and speakers at the *Unlaagering* conferences also being the central interlocutors of the podcast, *Unlaagering-Sitkamer* is described as a grouping representing a particular discursive formation within Afrikaans linguistics and literary studies. Although largely homogenous as it relates to age, the *Unlaagering-Sitkamer* grouping consists of two types of academics relative to Afrikaans: experts and non-experts, with the non-experts representing academics whose expertise lies outside of Afrikaans studies.

The discourses embodied by the *Unlaagering-Sitkamer* grouping are analysed through the concept of the *colonialesque*. Initially conceptualised in the context of Khoesan studies (Staphorst 2021), it refers to a form of academic colonialism whereby non-experts misrepresent other academics and extant scholarship through a moralising lens. Previous academics and the existing scholarship are, therefore, presented as morally inferior relative to the progressive view embodied by the “new” expert. The concept draws on the oral testimony of ||kabbo (1911), one of the main 19th-century |xam informants, and the idea of the ordinary as conceived by Njabulo Ndebele (2006). The colonialesque, then, is firmly rooted within the realm of epistemology. This conceptualisation of the colonialesque is tested, challenged, and broadened in this article in three ways.

Firstly, the received understanding of colonialesque scholarship is tested in relation to the discourse of the *Unlaagering-Sitkamer* grouping. This is done by analysing the claims and presuppositions of novelty that undergird much of this discourse. A historicised account of transformation and critical pedagogical innovation in Afrikaans linguistics and literary studies is presented that references the work of Marxist, Women, and Black scholars within Afrikaans with particular reference to the period 1980–2000. This historicised view challenges the *Unlaagering-Sitkamer* grouping’s presupposed originality, and, more importantly, points to their lack of expertise in relation to the broader, complex dynamics of knowledge production and transformation that have preceded their intervention. It also challenges the received understanding of the colonialesque as a phenomenon only attributable to non-experts; many of those who make work of the presupposition of novelty are, in fact, “experts” in Afrikaans studies. Further, beyond negating historical developments, the discussion illustrates how emergent academics – in their search for novelty and social and epistemic justice – often find themselves favouring supposed novelty at the expense of justice. In this way, the negation of historical developments may translate into the negation of marginal voices – despite the claim that they want to amplify the marginalised. As a possible counter to this amnesia, and to avoid a hagiographical approach to history, N.P. Van Wyk Louw’s (1971) idea of the “cultured person” is presented as model, with the “cultured person” reflecting one who, akin to Friedrich Nietzsche’s (1874) critical orientation towards history, sees themselves as working from *within* tradition, not *outside* of it.

Secondly, colonialesque is explicitly challenged through discussing the ways in which the *Unlaagering-Sitkamer* grouping engage with identity formation. The discussion draws on the distinction between multiracialism and nonracialism as drawn by Antjie Krog (2003) in relation to the Afrikaans language community. Afrikaans, Krog argues, has in post-apartheid South Africa become a multiracial community, but nonracialism – or the active deconstruction of racial regimes – has not yet taken root. The analysis illustrates how the concept of *whiteness* has been mobilised in the discourse of the *Unlaagering-Sitkamer* grouping, and how this mobilisation feeds into multiracialism, rather than non-racial deconstruction. After the analysis of race, the focus shifts towards the binary relationship between academic and non-academic. This section of the analysis draws on Mahmood Mamdani's (1996) distinction between citizens and subjects – historical political identities that marked colonial rule, with citizenship reserved for the settler-colonist and subjecthood for the colonised. This distinction is drawn upon to illustrate how the *Unlaagering-Sitkamer* grouping keeps a rigid distinction between insiders and outsiders of the grouping intact, with this distinction leading to differential treatment relative to one's position vis-à-vis the grouping. This analysis of race and interpersonal identity formations leads to the conclusion that the colonialesque goes beyond the confines of the epistemological, and also speaks to the ontological. As possible counter, the need for non-racial futures and a commitment to equality of opinion is argued for.

Thirdly, colonialesque is once again challenged – this time through analysing the relationship between network formation and the *Unlaagering-Sitkamer* grouping. This discussion is influenced by Walter Mignolo's (2000) explication of the centralised and prejudiced networks that characterise colonial trade routes: all roads lead to Buenos Aires, for example, and on to the colonial metropole; but not all routes connect smaller locales in Argentina. Against this backdrop, examples of regressive and conservative network formation by and through the *Unlaagering-Sitkamer* grouping are discussed and critiqued – specifically as they relate to centralisation around the group's members, and in relation to Dutch, Afrikaans's oldest "laager". Two arguments are made in this regard: both for the establishment of networks amongst and between Afrikaans and other African, Latin-American, and Asian literatures, and for critical and wary approaches to networks as such.

Finally, the article reflects on the colonialesque in the context of broader phenomena within Afrikaans linguistics and literary studies. Specifically, examples of conservative network formation and historical ignorance are discussed; the difference, however, between these examples and the *Unlaagering-Sitkamer* grouping is their moral agenda. Whilst there are, therefore, numerous examples of academics forming "laagers" and evidencing ignorance of their field of study, they do not reflect the moralising agenda shared by the *Unlaagering-Sitkamer* grouping. The article's expanded, three-tiered understanding of the colonialesque – as epistemological, as ontological, and as sociological – is finally brought into conversation with Aníbal Quijano's (2000) conception of *coloniality of power*. There is, therefore, an underlying will to power that drives the *Unlaagering-Sitkamer* grouping and the discourses they engage in.

The article concludes by reflecting on the need for careful, humble, and committed scholarship that does not replace sound research with a moral agenda. Despite the arguably just and necessary impulses that the *Unlaagering-Sitkamer* grouping acts upon, their endeavours nevertheless lead to opposite outcomes: silenced histories, regressive identities, and conservative networks. An approach to scholarship that is radically different from the colonialesque, it is finally noted, is especially important when considering the article's expanded understanding of the colonialesque as not only evident within the annals of academia, but as a phenomenon actively taking shape in broader societal spaces and discourses.

Keywords: academic discourse; Afrikaans; colonialesque; language politics; pedagogy; public intellectual; *sitkamer* podcast; transformation; unlaagering; *unlaagering* project

1. Inleiding

Kamee een: In ’n betoog wat in 1998 verskyn, som Antjie Krog haar gevoel van frustrasie met die Afrikaanse intelligentsia en hulle bemoeienis met die taal op deur die volgende oproep: “Hou op kla. Hou op berade hou. Hou op deftige tydskriffies uitgee. Doen” (Krog 1998:17).

Kamee twee: Tydens die *Ontlaering*-kongres van 2021, en midde ’n diskoers van bekommernis oor Afrikaans se toekoms as universiteitstaal en beeld as “taal van die onderdrukker”, wend Marni Bonthuys die gesprek na die Universiteit van Wes-Kaapland: “Die studente wat ek het het nie daardie beeld nie [...] ’n Departement soos ons s’n het ontsettend gegroei [...] Afrikaans het baie stories, en Stellenbosch is nie die enigste storie nie.”

Kamee drie: Tydens dieselfde kongres lewer Krog ’n pleidooi vir die “ontgrensing” [nié ontlaering nie] van die Afrikaanse letterkunde, en bespreek onder andere die |xam mondelinge tradisie (in die vorm van Gideon von Wielligh se opnames) en E.K.M. Dido se *’n Stringetjie blou krale* as ontgrensende tekste.

Dié drie kamees som enkele uitdagings vir die behoud en uitbou van Afrikaans, beide as vakgebied en akademiese taal, op – naamlik tot welke mate word daar met intensie en soberheid na die taal en taallandskap gekyk, met watter erns word die marges benader as ruimte van transformasie, en, les bes, dat meer gepraat word as wat eintlik gedoen word om verandering teweeg te bring. Die *Ontlaering*-kongresse, met die tweede en derde kamee wat daarmee verband hou, verteenwoordig ’n onlangse poging om met sulke vrae te worstel. Dog blyk die gesprek wat die kongresse ontketen het veel meer debat oor die kongresse self te ontlok het as wat daar produktief oor Afrikaans besin is. Dié artikel worstel met hierdie wanluidendheid. Ek ondersoek vervolgens verskeie diskoerse wat lede van die *Ontlaering*-kongres en die *Sitkamer*-podsending – wat almal opkomende Afrikaanse akademici is – sirkuleer, spesifiek diskoerse om die geskiedenis van Afrikaanse transformasie, identiteit en netwerkvorming. Dié bespreking word deur middel van die begrip *kolonialeske* gemedieer, terwyl die ondersoek verder poog om die kolonialeske as analitiese begrip uit te daag en te verruim. Hierdeur wil die artikel die slaggate van onkundige dog gepolitiseerde navorsing en kommentaar, regressiewe identiteitsvorming, en uitdaginglose netwerkvorming uitwys en kritiseer.

2. “Ontlaering” en “(on)gemaklike sitkamers”

In 2018 word ’n oproep vir referate vir ’n kongres getiteld “Unlaagering: Die pedagogiek van Afrikaanse letterkunde en burgerskap” bekend gestel. Die oproep is gekontekstualiseer teen die agtergrond van brandpunte soos die toekoms van Afrikaans as universiteitstaal, veranderde Afrikaanse klaskamerdemografieë en dekoloniale vraagstukke. Daar is tot op hede drie kongresse onder die *Ontlaering*-vaandel gehou, waarvan die eerste twee se kongresreferate as artikels in *Stilet* en *Tydskrif vir Letterkunde* verskyn het. Die derde sal in die nabye toekoms in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* gepubliseer word. *Sitkamer*, hierteenoor, is ’n podsending wat deur die Afrikaanse Taalraad en die Internasionale Vereniging vir Afrikaans ondersteun word en waarvan die eerste episode in 2021 vrygestel is. Die kerngespreksgenote van *Ontlaering* sluit Earl Basson, Bibi Burger, Janien Linde, Mathilda Smit en Wemar Strydom in, en, met die uitsondering van Smit en Strydom, is dit dieselfde gespreksgenote wat

saam met “nuwe” stemme, soos Mercy Kannemeyer, Alwyn Roux en Remona Voges, by die podsending betrokke is. Die volgende aanhaling van Linde uit die loodsepisode van *Sitkamer* som die gees van wat ek die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering noem op:

> Dis ’n wonderlike geleentheid wat ons hier het, en soms is dit goed om bietjie te skop teen die verlede en teen die gevestigde dinge. Dis gesond om te rebelleer, want dan beteken dit ’n mens beweeg vorentoe. Miskien rebelleer ons bietjie, miskien maak ons ’n lekker ruimte vir mense om veilig te voel; mense wat dalk voorheen nie veilig gevoel het nie; of dalk sommer ou bekendes ook.

Ten spyte van die ooreenstemmende oriëntering tussen *Ontlaering* en *Sitkamer*, moet ’n belangrike onderskeid getref word: waar die *Ontlaering*-kongresse ’n akademiese aangeleentheid was, met die kongresuitsette wat sedertdien in vaktydskrifte verskyn het, verteenwoordig *Sitkamer* ’n vorm van openbare redevoering. Die twee projekte het dus verskillende gehore, maar word onderliggend deur dieselfde etos gedryf.

Dié skeiding tussen die akademiese en die openbare domein is egter deur ’n ander figuur oorbrug ná die eerste *Ontlaering*-kongres, maar vóór die loods van *Sitkamer*, en dit is Azille Coetzee. Coetzee, bekend as memoir- en fiksieskrywer, en werksaam as akademikus in die departement filosofie aan die Universiteit Stellenbosch, som haar ervaring van die tweede *Ontlaering*-kongres in ’n meningstuk wat in 2020 op LitNet verskyn het op. Dié meningstuk het ’n hewige reaksie ontlok, met meer as 20 kommentaarinskrywings wat daarop gevolg het. Die sleutelpunte van haar meningstuk kan soos volg opgesom word:

1. Afrikaanse taal- en letterkunde verteenwoordig ’n (konserwatiewe) “laer” wat uitsluit.
2. Die “laer” is in wese ’n vorm van hegemoniese wit manlikheid.
3. Sonder “ontlaering” sal die Afrikaanse letterkunde nie voortbestaan nie.

Die kritiek hierop volg hoofsaaklik een van twee argumente: daar word geen bewyse, soos konkrete tekste of gebeure, voorgehou om die stellings te staaf nie; hierteenoor word die ontvangs van skrywers uit minderheidsgroeperings binne die hegemoniese Afrikaanse kultuurwêreld, soos Nathan Trantraal en Ronelda Kamfer, uitgesonder as bewys dat die teenoorgestelde waar is en “ontlaering” reeds posgevat het. Soos genoem, verteenwoordig Coetzee se meningstuk ’n oorbruggingspunt in die ontwikkeling van die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering. Coetzee se posisie, moet dit egter genoem word, staan apart van dié van die ander groepslede. Waar die ander letterkundige asook taalkundige dosente en senior nagraadse studente is, is Coetzee die enigste “nie-kenner” relatief tot Afrikaans as vakgebied – sy is eerder, soos bo genoem, akademikus in filosofie en memoir- en fiksieskrywer. Waar die groepering as geheel akademiese asook openbare intellektuele werk onderneem het, sluit dit ook beide kenners en nie-kenners van die Afrikaanse taal- en letterkunde in.

Op hierdie oomblik moet daar ook duidelik uitgelig word dat die kritiek wat hier uitgespreek word nie op die betrokke akademici se werk buite die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering – tensy uitdruklik genoem – van toepassing is nie. Die baanbrekende werk oor die metamodernisme deur Linde (2018), die innoverende skep van Kaapse Afrikaanse klasmateriaal deur Basson (2022a), en die diepgaande uitbouing van die lang navorsingstradisie oor die oeuvre van Breyten Breytenbach deur Roux (2022) is byvoorbeeld nie slegs goeie navorsing nie, maar kan tot nuwe intellektuele weivelde lei. Die klem is daarom alleenlik op die diskoers wat deur *Ontlaering-Sitkamer* verteenwoordig word, asook enkele uitlatings wat daarby aanskakel. Hier kan verder uitgelig word dat die stellings en argumente wat deur die loop van die artikel ter sprake kom nie almal as deel van ’n akademiese diskoers getipeer kan word nie; die *Sitkamer*-podsending, byvoorbeeld, is tekenend van ’n ingeligte gespreksruimte wat weliswaar deur en tussen akademici tot stand

gebring word, maar wat nie ’n akademiese kongres, soos byvoorbeeld die *Ontlaering*-kongresse, verteenwoordig nie. Daar kan dus geargumenteer word dat die onderskeie stellings en argumente wat bespreek word nie oor dieselfde kam geskeer behoort te word nie. En terwyl daar wel noemenswaardige verskille in die kontekste van die uitings is, bly dit uitings van akademici wat hulself (met die uitsondering van Coetzee) op die Afrikaanse taal- en/of letterkunde toespits. Vandaar word die onderskeie stellings en argumente wel binne ’n groter geheel, naamlik *Ontlaering-Sitkamer*, geplaas om oor algemene tendense onder opkomende akademici te besin.

3. *Kolonialeske*

In ’n onlangse kritiek op die stand van navorsing in Khoesanstudies het ek (Staphorst 2021) die uitbeelding en inspanning van navorsing in die veld deur akademici wat as “nie-Khoesankundiges” beskryf kan word ondersoek. My fokus was op Carli Coetzee (2013), ’n letterkundige, se bespreking van die navorsing van Hedley Twidle (2012) en Andrew Bank (2006) en wys op die maniere wat haar gebrekkige kennis van die veld tot oppervlakkige en foutiewe interpretasies lei. Die probleem is egter nie slegs dat sy onkundig oor die veld is nie, maar dat haar inspan van die navorsing deur kwansuis progressiewe en aktivistiese navorsingsdoeleindes gelei is. Gevolglik het ek dié verskynsel – die verbintenis tussen onkunde en ’n progressiewe visie – as die *kolonialeske* beskryf; ’n vorm van neokolonialisme wat gevestigde navorsingstradisies in der waarheid enersyds ontstem en andersyds verwring in diens van ’n politieke ideaal.

As deel van die teoretisering van die kolonialeske het ek my bespreking na een van ||kabbo, een van die hoofvertellers in die Bleek en Lloyd (1911) versameling van |xam mondelinge tradisie, se bekendste vertellings gewend:

> U weet dat ek sit wag vir die maan om om te keer vir my, dat ek mag terugkeer na my plek. Dat ek kan luister na al die mense se stories, wanneer ek hulle besoek; dat ek kan luister na hulle stories, dit wat hulle vertel [...] dat ek kan sit in die son; dat ek kan sit, luister na die stories wat van doer kom, wat stories is wat kom van ’n afstand. Dan, ek sal ’n storie van hulle beetkry, want hulle (die stories) sweef van ’n afstand af; terwyl die son ’n bietjie warm voel; terwyl ek voel dat ek hulle geheel en al moet besoek; sodat ek met hulle kan praat, my medemense [...] Ek moet eers ’n bietjie sit, my arms afkoel; sodat die moegheid uit hulle uit mag gaan; want ek sit. Ek luister slegs, wagtend op ’n storie, wat ek wil hoor; terwyl ek sit wag daarvoor; dat dit in my oor in mag insweef. Dit is waarna ek luister met al my ore; terwyl ek voel dat ek stil sit. Ek moet wag (luisterend) agter my, terwyl ek langs die pad luister; terwyl ek voel dat my naam langs die pad sweef; dat (my drie name) langs my sweef na my plek toe; ek sal gaan om te sit by dit; dat ek luisterend kan terugkeer (met my ore) op my voete se hakke, waarop ek gegaan het; terwyl ek voel dat ’n storie die wind is. (Bleek en Lloyd 1911:299, 301; alle vertalings is my eie)

Hierdie kum, die |xam woord vir narratief, en die idees daarin vervat is een van die bekendste tekste in die opgetekende korpus |xam mondelinge tradisie. Dit is dan ook elders reeds bespreek – onderskeidelik deur Helize van Vuuren (1994) en in my werk elders (Staphorst 2019). In die hier bo genoemde bespreking (Staphorst 2021:75) val die klem op hoe ||kabbo se vertelling

> ['n] perspektief op die verwikkeldheid van wetenskaplikheid verskaf. ||kabbo vertel 'n verhaal, en terwyl hy as die protagonis van die storie beskryf kan word, is agentskap nie heeltemal sy eie nie. Hy moet dit, eerder, aan ander onderwerp. Hy moet in die son sit, wagtend vir sy arms om af te koel, en na die wind luister. Hy moet die storie beetkry, maar slegs onder die mees geleë omstandighede. Op sy aankoms by |xam-ka !au slaan hy nie onmiddellik tot 'n verhaal oor nie, nog eis hy dat 'n verhaal vertel word. Nee, hy wag, geduldig en attent, vir die oomblik wanneer dinge hulle part begin speel – homself inkluis. Dit is 'n wetenskaplikheid nie van geleentheid nie, maar van instemming met die wêreld en dié se kragte; wetenskaplikheid wat aandagtig is, en daarom aandadig, verstrengel met die bewussyn van die mens se plek daarin, eerder as die plasing van die wêreld om die self te pas.

Om etiese wetenskaplikheid as aandadig, aandagtig en ingestem te beskou het ek verder geteoretiseer in verhouding tot Njabulo Ndebele (2006) se begrip *ordinêre*, oftewel *gewone*. Ndebele (2006:46) plaas die ordinêre in verhouding tot die *spektakulêre*, oftewel die *skouspelagtige*, en argumenteer dat deur "aandag aan die ordinêre en dié se metodes te bestee tot 'n geweldige groei van bewussyn sal lei". Ek het verder ook op die dubbelsinnigheid van *gewoon* gewys – met *gewoon* wat beide *ordinêr* asook die verledetydsvorm van *woon* beteken. Ek redeneer gevolglik dat om die klem op die *gewone* te plaas, is ook om die lang geskiedenis van *bewoning* te ondersoek. Om die kolonialeske teen te werk, moet kritiek daarop met die verwikkeldhede van geskiedenis worstel, en veral na die stemme van historiese "bewoners" luister. Die kolonialeske, in 'n haas om individue, kennisstelsels en netwerke te kritiseer as kwansuis teenprogressief, verval in skouspelagtige performatiwiteit wat 'n eie vorm van ontstemming en inbesitneming weerspieël wat aan kolonialisme herinner. "[H]ier woon niemand nie" (Staphorst 2021:76), dus kan ons as Eerste, as Verligtes, as Redders, na vore tree.

Alhoewel Carli Coetzee se bespreking die hooffokus van my ontleding was, is die argument vir die inspanning van die begrip *kolonialeske* in die konteks van 'n eksistensiële worsteling met die ondersoekveld Khoesanstudies in die breë, en sogenaamde Boesmanstudies in die besonder, geplaas. Hier kan 'n vergelyking tussen die "ontlaering"-impuls en die kritiek op Khoesanstudies gemaak word: beide spruit vanuit 'n onderliggende bevraagtekening van die geldigheid van die veld soos wat dit tans in die akademiese diskoers uiting geniet. 'n Belangrike verskil is egter die aard, omvang, en belanghebbendes in die diskoers. Khoesanstudies is 'n baie klein, ongeïnstitusionaliseerde ondersoekveld. Daar is geen Khoesanstudiesstudent as sodanig nie, nog minder 'n universiteitsdepartement wat dit definieer en bevorder. Daarby is Khoesanstudies, in vele opsigte, 'n vorm van geskiedskrywing, of ten minste 'n veld merendeels behep met historiese gegewens. Hierteenoor verteenwoordig die Afrikaanse taal- en letterkunde (redelik) goedbegronde akademiese vakgebiede. Nieteenstaande die druk van universiteitsadministrasies is dit 'n ingeburgerde intellektuele ruimte met uiteenlopende eietydse belanghebbendes: skrywers, taalpraktisyns, uitgewers, lesers, studente en, les bes, akademici.

Dit is gevolglik nie vreemd dat die konseptualisering van *kolonialeske* wat ek voorheen voorgehou het slegs tot kennis as diskoers verbind is nie. In daardie konteks was die kolonialeske 'n verskynsel wanneer denkers buite hulle veld van kundigheid beweeg, argumente voorhou wat in morele terme uiteengesit is, en uiteindelik die werk van geslagte navorsers voor hulle uit die akademiese rekord ontskryf. Die Afrikaanse taal- en letterkunde vereis 'n ander begripsformulering – een wat met 'n groter gemeenskap van betrokkenes rekening hou. Dié artikel probeer dus 'n ontwikkeling van *kolonialeske* ondersoek. Voorlopig kan dit soos volg omskryf word: 'n verskynsel waar denkers buite hulle veld van kundigheid beweeg en/of 'n gebrek aan 'n historiese bewussyn openbaar terwyl daar morele argumente voorgehou word wat lei tot teenprogressiewe identiteits- en groepvorming.

Die bespreking wat volg sluit drie kernidees in – die eerste is ’n toepassing van die bestaande teoretisering om die kolonialeske, en ondersoek dus die wyses waarop die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering hulle progressiewe navorsingsideaal ten koste van histories gefundeerde kundigheid navolg; die tweede is aangaande die wyses waarop daar in wese teenprogressiewe identiteitsvorming by die groepering te bespeur is; en die derde is die konkrete netwerke wat deur die groepering tot stand gebring word, en die wyses waarop dit óf bestaande “laers” in stand hou, óf nuwe “laers” vorm. Die tweede en derde idees word dus, in die verloop van die artikel, by die bestaande teoretisering om die begrip *kolonialeske* ingelyf.

4. Kolonialeske kennisvorming

> Ons gebruik van die laermetafoor het baie kritiek ontlok, omdat dit sou impliseer dat Afrikaanse letter- en taalkunde nog nooit verander het nie en altyd eng konserwatief was en is [...] [O]ns doel [was] van die begin af om ook ander voorbeelde van opstand teen hierdie uitsluitende tendens in Afrikaans as akademiese dissipline te verken. In sy hoofreferaat, gelewer tydens die eerste Ontlaeringkollokwium in 2018, het Willie Burger ([2019:] 61) byvoorbeeld verwys na die “Afrikaans in die doofpot”-forum wat in 1993 by die Universiteit van die Witwatersrand gehou is en waar soortgelyke onderwerpe verken is. (Smit, Burger en Linde 2022:2)

Hier verwoord Mathilda Smit, Bibi Burger en Janien Linde die sentrale konflik tussen *Ontlaering* en die breër Afrikaanse intelligentsia. Hulle antwoord hierop, spesifiek dat hulle van meet af aan die doel gehad het “om voorbeelde van opstand teen hierdie uitsluitende tendens” te ondersoek, verdien kritiek. Al drie kongresse se oproepe vir referate is aanlyn beskikbaar, waarvan nie een die vraag om historiese ondersoek of debat met betrekking tot “voorbeelde van opstand” opper nie. Burger, in die eerste gepubliseerde nadenke oor *Ontlaering*, impliseer dan ook dat ’n bespreking oor historiese “voorbeelde van opstand” ietwat van ’n verrassing vir haar was:

> Willie Burger het in sy hoofrede ook die maniere waarop Afrikaanse [sic] departemente al in die verlede met hierdie probleme omgegaan het, bespreek. Hierdie historiese refleksie is nodig sodat daar geleer word uit die verlede. Persoonlik het dit my ook laat besef dat ontlaering ’n voortdurende proses is en, omdat die wêreld altyd verander, daar altyd weer nuut gedink moet word oor onderrig. (B. Burger 2018)

Dit is noemenswaardig dat sy beskryf hoe Willie Burger se hoofrede haar “laat besef [het] dat ontlaering ’n voortdurende proses” is. Die vraag wat hierop gevra kan word, is waarom “voortdurendheid” nie die beginpunt, eerder as die eindpunt, van hulle gesprek was nie; waarom die *Ontlaering*-kongres nie in die lewe geroep is teen die agtergrond van ’n histories gefundeerde bestekopname van Afrikaanse literêre en pedagogiese politiek nie. Daar is eerder uit die staanspoor aanvaar dat “ontlaering” iets nuuts is, met hulle navorsing/toetrede wat ’n verandering teweeg sal bring. Die rede hiervoor is moontlik dat só ’n histories begronde ondersoek *Ontlaering* as sodanig betekenisloos sou verklaar – of ten minste die veronderstelde nuutheid daarvan sou ondermyn. Wanneer Smit, Burger en Linde vir Willie Burger aanhaal as bewysplaas dat *Ontlaering* “voorbeelde van opstand” van meet af aan wou ondersoek, blyk dit ’n poging te wees om die rekord te herskryf. Die bespreking van die “historiese ontlaering” in Burger se hoofrede is bloot ter agtergrond en allermins die hooffokus daarvan. Hy motiveer byvoorbeeld sy bespreking soos volg: “om die konsep van ontlaering te ondersoek plaas ek dit eerstens in ’n historiese konteks, siende dat dit nie die

eerste keer is dat die behoefte vir ontlaering opgeduik het nie" (W. Burger 2019:60). Hieruit blyk dat die bespreking uit eie beweging aangeroer is.

Laat ons egter vir 'n oomblik stilstaan en argumentsonthalwe die volgende aanvaar – dat die *Ontlaering*-groepering uit die staanspoor 'n historiese bewussyn gehad het, dat hulle die *Ontlaering*-kongresse as 'n platform wat met historiese gebeurtenisse in gesprek wou tree beoog het, en dat Willie Burger se bespreking van die "Afrikaans in die doofpot"-kongres uit die groepering aangevra is. Indien ons dit aanvaar, kan daar steeds gevra word waarom die klem op die "Afrikaans in die doofpot"-kongres geplaas is – 'n samekoms by 'n universiteit in die noorde en wat volgens Hans Pienaar (in Burger 2019) 'n siening oor Afrikaans gedeel het wat dit grootliks aan die Afrikaner verbind het. Dié kongres is een van vele. Die 1980's en 1990's het 'n ongekende opbloei van Afrikaanse taalpolitiese samekomste en publikasies gesien (vergelyk Prinsloo en Van Rensburg 1984, Du Plessis en Du Plessis 1987, Van Rensburg 1991, Webb 1992, Ester en Van Leuvensteijn 1995, Du Plessis en Van Gensen 1999). Alhoewel uiteenlopende sienings en onderwerpe aangesny is, het die posisie en rol van taal en letterkunde in die onderwysdomein (wat hoër onderwys insluit) deurgaans sentraal in hierdie gesprekke gestaan.

'n Voorbeeld van hoe hierdie vraag ondersoek is wat veral vir die *Ontlaering*-kongresse van belang kon gewees het, is die verskeie simposia, bestekopnames en gepaardgaande verslae wat deur die Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkundenavorsing (SENSAL), 'n afdeling van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, gereël, onderneem en gepubliseer is. In 1982 is 'n simposium oor die stand van letterkundenavorsing in Suid-Afrika gehou waar, onder andere, brandende vraagstukke om kurrikulering, vakkundige grense en teoretiese begronding aan bod gekom het (vergelyk Malan 1984). Wat veral met betrekking tot die *Ontlaering*-kongresse belangwekkend is, is die keuse van die organiseerders om *Suid-Afrikaanse letterkunde* as oorkoepelende raam te benut: as sambreelterm waaronder Engelse Suid-Afrikaanse letterkunde, Afrikaanse letterkunde, Zoeloeletterkunde en dies meer kon ressorteer *en* as 'n moontlike vakgebied op sigself, as meertalige literêre sisteem. Die kwessie van die vakdissiplinêre gesprek tussen Afrikaans en ander Afrikatale is tydens die *Ontlaering*-kongresse aangesny, maar dit was nie die uitgangspunt daarvan nie – die klem is op Afrikaans geplaas. Die 1982-kongres verteenwoordig, in Jacques Rancière (1991) se begripsformulering, *radikale gelykheid*. Rancière argumenteer dat radikale gelykheid, wat as 'n vorm van ontlaering beskryf kan word, nie as 'n doel beskou behoort te word nie, maar eerder as 'n uitgangspunt waarvandaan gedink en opgetree word. Die 1982-kongres het byvoorbeeld nie 'n ontlaerde Suid-Afrikaanse literêre sisteem as toekomsideaal gehad het, maar het dit eerder as uitgangspunt vir die samekoms gebruik. Dit beteken nie dat daar aangeneem is dat 'n getransformeerde Suid-Afrikaanse letterkunde as sulks reeds bestaan het nie, maar eerder dat die gesprek nie alleenlik binne die bestaande grense gevoer kon word nie. Die *Ontlaering*-kongres kon, myns insiens, 'n soortgelyke uitgangspunt gehad het, naamlik Afrikaans binne die konteks van die Suid-Afrikaanse, Afrika-, of Suidelike letterkunde.

'n Teenargument hiervoor kan wees dat die 1982-kongres nie die pedagogiek as fokus gehad het nie, wat dit dus anders as die *Ontlaering*-kongresse gemaak het. Daar is egter talle ander voorbeelde van SENSAL se navorsing in die 1980's wat tersaaklik is. In 'n indringende ondersoek verskaf die navorsers Martjie Bosman en Charles Malan (1987) byvoorbeeld 'n empiries begronde oorsig van die stand van letterkundeonderrig deur Afrikaanse en Engelse letterkundeleerplanne wat op skool-, kollege-, en universiteitsvlak gevolg is te ontleed en bespreek. Verder sluit die verslag sienings van literatore en onderrigkenners in, en verskaf dit wenke vir die toekomstige hervorming van leerplanne. Hier is dus 'n teks wat beide as vertrekpunt vir 'n gesprek oor verandering ingespan sou kon word, en terselfdertyd as voorbeeld sou kon dien vir empiries begronde *Ontlaering*-kongresse.

Wanneer daar egter na die name van vele van die organiseerders, samestellers en bydraers van SENSAL-projekte gekyk word, is dit opmerklik hoe wit en manlik die deelnemers telkens was. Teen die agtergrond van Coetzee se karakterisering van die Afrikaanse "laer" wat wit en manlik is, wend ek my gevolglik na stemme van veronderstelde "randfigure" – sodanig beskryf vanweë hulle "gender" of "ras" – en hulle rol in dié historiese gesprek. Hier kan na Marianne de Jong, Marlene van Niekerk, Estelle Kruger en Anthea van Jaarsveld verwys word. In 'n 1989-verslag (ook deur SENSAL befonds en uitgegee) verskaf De Jong 'n kritiese bestekopname van Marxisties-gerigte navorsing en letterkundeonderrig in Afrikaans. Die verslag karteer die aanvang van die tradisie by die Universiteit van Wes-Kaapland en die indertydse Universiteit van Durban-Westville (nou deel van die Universiteit van KwaZulu-Natal), bespreek studies wat dit as teksopvatting het, en gee 'n oorsig van die ontvangs van 'n Marxisties-begronde pedagogiek en letterkundekritiek onder studente. Die verslag sluit 'n verdere bespreking van ander "alternatiewe" benaderings tot die Afrikaanse letterkundeonderrig in. Met verwysing na kursusse wat Helize van Vuuren aan die Universiteit van (KwaZulu-)Natal en George Weideman en Jean Lombard aan die Windhoekse Akademie (nou die Universiteit van Namibië) aangebied het, bespreek De Jong hulle vernuwende benaderings in die breër konteks van ideologiekritiek. Op haar beurt ondersoek Van Niekerk in 'n 1992-artikel die spanning tussen die hermeneutiese tradisie en materiële kritiek in 'n poging om 'n transformerende letterkundeonderrig te verwoord. En tydens die 1994-kongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging lewer Kruger en Van Jaarsveld afsonderlike ondersoeke van tweede- en vreemdetaal-letterkundeonderrigbenaderings in die konteks van sosiopolitieke verandering: Kruger besin oor die gebruik van F.A. Venter se *Wit Oemfaan* (1965) in 'n "kommunikatiewe letterkunde-onderrigmodel", en Van Jaarsveld oor Elsa Joubert se *Ons wag op die kaptein* (1963) in verhouding tot pragmatiek. Waar De Jong, Kruger en Van Jaarsveld dus, soos die optekeninge van Malan en Bosman, grootliks die bestaande praktyke karteer, lewer Van Niekerk 'n pleidooi vir 'n kritiese onderrigbenadering.

Maar, sal daar seker ook geargumenteer kan word, De Jong en ander is wit – en dien sodoende die "laer". 'n Radikale klemverskuiwing na swart Afrikaanssprekendes is egter moontlik deur te fokus op die Alternatiewe Afrikaans-beweging (Van den Heever 1987, 1988), die Swart Afrikaanse Skrywersimposiums van 1985, 1995, 2005, en 2015 (vergelyk Smith, Van Gensen en Willemse 1985; Willemse, Hattingh, Van Wyk en Conradie 1997 en Willemse en Van Wyk 2015), die Afrikaans: Recollection, Redefinition, Restitution-konferensie (Kriger en Kriger 1996) en die Taal en Identiteit-samekoms (February 1994) van 1992, asook die publikasie van die progressiewe vaktydskrif, *Karring*, wat in die 1990's deur die Universiteit van Wes-Kaapland se departement Afrikaans en Nederlands uitgegee is en in die besonder met taal- en letterkunde in die onderwys gemoeid was.

Om vlugtig by die Alternatiewe Afrikaans-seminaar van 1988 stil te staan: Dié seminaar het 'n geweldige invloed op Afrikaanse taal- en kultuurpolitiek van die laat 1980's en vroeë 1990's uitgeoefen. Dit is nie alleenlik in die laaste dekade van die vorige millennium gereeld bestudeer nie – hetsy op sigself (Pieterse 1994a, 1994b; Rittles 1994; Pieterse 1995a, 1995b, 1998; Hagen 1999), met "Alternatiewe Afrikaans" as 'n kritiese leesbril (Van Heerden 1992; Bosch en De Klerk 1995; Pheiffer 1996), asook as 'n verwysingspunt in die debat om Afrikaans in 'n postapartheid- demokratiese bedeling (Letoit 1988; Louw 1988; Van Aardt 1989; Kriel 1998). Alhoewel die seminaar grootliks in verhouding tot taalpolitiek 'n staanplek in die Afrikaanse intellektuele geskiedenis ingeneem het, was die wesenlike oorsprong van die seminaar die vraag om Afrikaans en pedagogiek. Vergelyk die volgende:

> Terwyl die tema van die seminaar onder die titel "Alternatiewe Afrikaans" geval het, was daar nie ooreenstemmigheid oor hierdie benaming nie. Dié benaming was wel gebruik deur die organiseerder en sprekers as 'n afstammeling van die Alternatiewe Onderwysbegrip, maar daar was ook sterk opinies ten gunste van die volgende terme: Oop Afrikaans, Relevante Afrikaans, Nuwe Afrikaans,

> Vrye Afrikaans, Betrokke Afrikaans. Dan was daar talle kongresgangers wat volstaan het met die oortuiging, Afrikaans bly Afrikaans, en ons durf hom nie iets anders noem nie […] Die mening is ook gelug dat verskillende name slegs verdeeldheid skep en dat ons dus by die een benaming, Afrikaans, moet bly. (Van den Heever 1988:53)

Dit is des te meer vreemd dat daar geen verwysing na dié seminaar verskyn in die betoë vir die bevordering en gebruik van Kaapse Afrikaans wat deur Earl Basson (en Le Cordeur 2019) by die eerste *Ontlaering*-kongres voorgehou is nie (hy verwys wel in ’n latere artikel (Basson 2022b) daarna). Basson raadpleeg ook nie die navorsing van Charlyn Dyers en Bassey Antia (2016, 2019) nie – navorsing wat oor die skep en inspanning van, onder andere, Kaapse Afrikaanse studiemateriaal in die universitêre konteks besin. Hier is dus drie vorme van ontkenning te bespeur. Die eerste is ’n ontkenning van die verwikkelde en lang geskiedenis van “ontlaering” in Afrikaans; die tweede is ’n ontkenning van veral die agentskap en bydraes van “randfigure” in die Afrikaanse taalgemeenskap wat “ontlaering” betref; die derde is ’n ontkenning van huidige vorme van “ontlaering” wat reeds aan die posvat is.

Indien *Ontlaering* as geheel op ’n problematiese wyse met geskiedenis omgaan, kan daar na die individuele opmerkings van Alwyn Roux, ’n lid van *Sitkamer*, gekyk word vir ’n verdere voorbeeld van hoe vakkundige geskiedenis in die besonder genegeer word. Ek fokus op ’n plasing op Versindaba (Roux 2021a) waarin daar oor die geskiedenis van die Afrikaanse literatuurwetenskap besin word:

> Bestaan daar ’n geskiedenis van literatuurwetenskap in Afrikaans? Tans is ek besig met die opstel van ’n kurrikulum vir ’n voorgraadse kursus in literatuurwetenskap in Afrikaans [...] ’n studieveld wat sover ek weet totaal ontbreek in die bestudering van Afrikaanse letterkunde.

Die res van die inskrywing bespiegel oor waar só ’n literatuurwetenskaplike geskiedenis oor en in Afrikaans kan begin – met bestekopnames van departementele geskiedenisse, die naspeur van die ontwikkeling van denkstrominge, en die optekening van vakkundige verenigings se geskiedenisse as moontlike onderwerpe. Al dié voorstelle is redelik en doenbaar. Die aanvanklike kommentaar – deur Marlies Taljard en Maria Snyman – op Roux se plasing was positief, en het gedui op moontlike bronne waarmee só ’n ondersoek begin sou kon word. Met Helize van Vuuren se intrede tot die gesprek het die atmosfeer verander:

> Alwyn, dis ’n skokkende (of altemit uitlokkende, provoserende?) stelling, hierdie: “’n studieveld wat sover ek weet totaal ontbreek in die bestudering van Afrikaanse letterkunde”. Jy moet net weet waar om te soek! Die wiel is darem wragtig nie vandag, vanjaar eers uitgevind nie… [...] Die literêre borsrok is nie vandag se kind nie.

Van Vuuren lys en som verder verskeie studies op wat dié vraag van geskiedskrywing onder die loep neem, insluitende navorsing van D.J. Opperman, Merwe Scholtz en Rialette Wiehahn. Soos Van Vuuren ook uitwys: haar kort bespreking sluit slegs ’n paar “na-middernagtelike gedagtes oor die onderwerp” in, en daar is dus baie meer wat daaroor gesê kan word – mits “[j]y [...] weet waar om te soek”.

Ek wil een studie hier uitsonder teen die agtergrond van twee stellings. Eerstens, Marlies Taljard het in die gesprek besin hoe Roux se plasing “[s]tof vir meer as een PhD!” verteenwoordig. Tweedens, soos vroeër aangehaal, beskryf Linde die *Sitkamer*-podsending, en by implikasie die deelnemers, as in diens van voorheen gemarginaliseerde stemme in Afrikaans – stemme, word geïmpliseer, wat onder die las van rassisme, seksisme en ander vorme van onderdrukking stilgemaak is. Teen die agtergrond van die voorstel dat Roux se beoogde geskiedskrif deur ’n nagraadse student onderneem kan word, en dat daar meer

ruimte gemaak moet word om onderdrukte stemme na vore te bring, is dit besonder vreemd dat een van die treffendste literatuurwetenskaplike geskiedskrywings in Afrikaans wel ’n nagraadse studie was (’n magisterverhandeling), en deur ’n swart Afrikaanssprekende onderneem is.

Die 1990-verhandeling van N.B. Mudzanani, wat aan Rhodes Universiteit onder leiding van André P. Brink voltooi is, heet: “Die verhouding tussen literêre teorie en kritiek in die Afrikaanse literêre sisteem binne die sg. ‘Nuwe Paradigma’, aan die hand van gekose figure: Marianne de Jong, Joan Hambidge en Gerrit Olivier”. Dit is dus nie alleenlik wit Afrikaanse literatore wat aan literêrwetenskaplike geskiedskrywing deelneem nie, nóg is dit die geval dat slegs daardie wit literatore deur Roux se onkunde ontskryf word. Daar is swart stemme – soos dié van Mudzanani – stemme waarvoor Roux kwansuis wil ruimte maak, maar wat, ironies genoeg deur sy eie onkunde, effektief ontstem is.

Dit is dan die grootste gevaar van kolonialeske kennisvorming: wanneer die soektog na restitusie en sosiale geregtigheid nie met kundigheid, geskiedkundige begronding, en, les bes, nederigheid gepaard gaan nie, lei sulke pogings tot myns insiens veel meer probleme as oplossings. Wanneer Linde die gees van die *Sitkamer*-podsending beskryf as ’n “skop teen die verlede en teen die gevestigde dinge” – ’n gees wat, soos genoem, die ganse *Ontlaering-Sitkamer*-groepering deel – kan daar redelik verwag word dat die rebelle kennis dra van dit waarteen hulle rebelleer.

Ek wil egter beklemtoon dat ’n klakkelose aanvaarding van die argumente wat histories voorgehou is, of die ophemeling van geskiedkundige byeenkomste, nie die doel van só ’n historiese bewussynsverruiming moet wees nie. Eerder skaar ek my by die teoretisering van die “kultuurmens” deur N.P. Van Wyk Louw (1971) enersyds, en die “kritiese” oriëntering ten opsigte van die geskiedenis deur Friedrich Nietzsche (1874) andersyds. Die kultuurmens, aldus Louw, staan nié *buite* die tradisie, oftewel die beleefde geskiedenis, nie, nóg staan hulle onkrities *daarbinne*; eerder werk die kultuurmens *vanuit* die tradisie (vergelyk Boshoff 2023 vir verdere bespreking). Nietzsche se teoretisering oor die gebruikswaarde van die geskiedenis vind hierby aanklank, siende dat hy argumenteer dat die geskiedenis óf as iets monumentaal, met ander woorde iets groots en oorweldigend wat ontsag inboesem, óf as iets antikwaries, wat bewaar en toegekluis moet bly, óf as iets waarmee krities omgegaan kan word beskou kan word. Dit is dan kultuurmense – mense wat krities vanuit die Afrikaanse taal- en letterkundige tradisies kan werk – wat ek as wenslik sou voorhou.

5. Kolonialeske identiteitsvorming

Soos vroeër verwoord, is een van dié artikel se doelstellings die ontwikkeling van *kolonialeske* as begrip. Siende dat die voorafgaande afdeling se bespreking van die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering grootliks met die bestaande begripsformulering ooreenstem, lei dié afdeling ’n nuwe dimensie in, naamlik kwessies om identiteitsvorming. Hierdie bespreking beklemtoon twee sleutelbegrippe in koloniale studies: *rassifisering* en die *burger-onderdaan-verhouding*. Rassifisering verwys na die proses waardeur die sosiale konstruk van *ras* diskursief geformuleer, toegedig, en geëien word (Gans 2017). Die klem verskuif daardeur wég van ras as ’n vaste, inherente, en afbakenbare gegewe na die skep en herskep van bepaalde identiteite (vergelyk Erasmus (2017) vir ’n bespreking van die historiese verloop van rassifisering in Suid-Afrika). Hiernaas verwys die burger-onderdaan-verhouding na ’n sentrale spanning wat in koloniale ruimtes uitspeel – ’n spanning tussen die burger, oftewel die persoon met regte, voordele, en die mag om te beskik, en die onderdaan, oftewel die ontmagte (Mamdani 1996).

Rassifisering kom eerste aan bod.

> Sedert 1994 is Afrikaans ’n werklik veelrassige taal. Alle groeperinge wat Afrikaans praat is hartlik welkom, word getel as Afrikaanssprekendes, Afrikaanses, as die rede waarom Afrikaans nie ’n uitsluitlik wit taal of die taal van die Boere is nie [...] Dat Afrikaans nou ’n veelrassige taal is en daar voortdurende pogings is om van Griekwa en Nama tot Kaaps en kid Afrikaans te hanteer, is ’n erkenning dat verskillende groepe reg het op Afrikaans. Wat Afrikaans egter nog nie is nie, is non-racial. (Krog 2003)

Dié stelling, wat twee dekades gelede gemaak is, som ’n diskoers op wat steeds heers: die dominansie van veelrassigheid, wat na die vermenigvuldiging van “ras”-identiteite verwys, in stede van nierassigheid, oftewel “non-racialism” binne Krog se formulering. Hier moet daarop gelet word dat Krog se argument nie vir die ontkenning van “ras” as sodanig is nie; nierassigheid in hierdie opsig verwys nie na ’n vorm van liberale rasblindheid nie (vergelyk Rassool 2019), maar eerder na die aktiewe ondermyning van die geërfde rasregime:

> Maar hoe? Beslis nie deur rond te pronk in die stertvere van veelrassigheid nie. Een van die antwoorde lê miskien reeds in die program van gister: laat bruin lesers reageer op die werk van wit skrywers.
>
> Vir my sou ’n ander belangrike stap wees om die taalvegters uit te daag om al die gebruikers dieselfde te behandel. Hou op om die pen in gal te doop net wanneer jy ’n wit gesiggie sien. Klim uit jou veelrassige kas, wat meestal niks anders is as ’n rassistiese kas nie, en kyk die bruin Afrikaanse skrywer in die oë. Afrikaans behoort aan bruin sprekers dieselfde waardigheid van oortreding en kritiek te gun. Die dag wanneer die bruin skrywers in *Die Burger* deur dieselfde taalvegters met dieselfde hete venyn aangeval word oor hulle taalgebruik, sal die dag wees waarop ons weet: non-racialism het werklik in Afrikaans opgedaag. (Krog 2003)

Baie stemme – soos dié van die *Ontlaering*-*Sitkamer*-groepering – sal Krog se blik op veelrassigheid in Afrikaans moontlik uitkryt as naïef, en eerder die aandag vestig op wat nóg nie verander het nie as op die verandering wat wél posgevat het. Maar daar hoef slegs na die Taalmonument, die gesprekke op LitNet, en die wenners van literêre pryse van die afgelope paar jaar gekyk te word om te sien dat transformasie wel geskied (hoe stadig ook al). Soos Krog egter uitwys – die hegemoniese diskoers om Afrikaans word steeds deur vooropgestelde idees om “ras” gekleur. In ’n 2015-artikel in *Stilet*, motiveer Hans du Plessis byvoorbeeld sy verwerkings van Griekwapsalms teen die agtergrond van beskuldigings van kulturele appropriasie, en die memoiris Dianne Du Toit Albertze is onlangs van dieselfde beskuldig toe sy Kaaps, Sabela en Gayle in haar debuutwerk ingespan het (vergelyk Croeser 2022). Afrikaans word steeds uitgaande van (koloniale en apartheidsdenke rondom) “ras” bedink en verbeel. Van belang vir hierdie artikel is dat die *Ontlaering*-*Sitkamer*-groepering op die voorgrond van hierdie bepaalde rasbewussyn is. In ’n *Sitkamer*-episode wat oor die affektiwiteit van voorwerpe handel, besin Bibi Burger oor ’n vorige episode waarin Ashwin Arendse en Ryan Pedro “bruin kultuur” in verhouding tot manlikheid en die digkuns bespreek het:

> Dit is vir my interessant, soos ek in die onderhoud gesê het, ek het ’n bietjie toe gevoel, toe hulle daaroor praat, spesifiek in die konteks van bruin kultuur en bruin ervaring en bruin leefwyse, toe wil ek nou nie net my eie witheid daar intrude nie, maar dit was vir my so interessant omdat dieselfde voorwerpe in my ouma se huis is.

Hier sien ons die uitdaging, of eerder volslae probleem, wat met ’n totaliserende omgang van die begrip *witheid*, soos Burger se gebruik daarvan impliseer, gepaardgaan. *Witheid*, eerder as ’n ideologie of instelling (soos wat Liezl Dick (2018) dit omskryf), word as ’n ontologiese gegewe beskou – Burger is wit, en enige handeling spruit vanuit of weerspieël witheid. Eerder as wat daar oor die gemene en die gedeelde besin word, word witheid geopper en daardeur ’n intellektuele en affektiewe spergebied tot stand gebring. Só ’n proses van rassifisering wat die gevestigde rasregime in stand hou deur middel van affek is byvoorbeeld teenstrydig met wat Zimitri Erasmus (2017) argumenteer nodig is vir ’n “andersrassige” (lees krities-nierassige) begrip in Suid-Afrika.

Verder, dat Burger die een is wat die kwessie van witheid aanroer, is veral noemenswaardig vanweë die fokus van haar navorsing. Van al die literatore in die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering is sy die enigste een (ten minste wat gepubliseerde uitsette betref) met swart Afrikaanse letterkunde as fokus. Dié navorsing van Burger is belangrik en vernuwend, veral vanweë haar klem op die bestudering van swart Afrikaanse letterkunde binne ’n groter konteks – hetsy Suid-Afrikaanse letterkunde of oseaniese letterkundes (vergelyk Burger 2020, 2022). Wanneer hierdie vernuwende navorsing naas haar stelling op die *Sitkamer*-podsending op die keper beskou word, volg die vraag of sy, as wit akademikus, die reg het om die werk van swart skrywers te bespreek. “[I]ntrude” sy nie in haar akademiese navorsing ook op die “bruin[/swart] ervaring” vanweë haar “witheid” nie? Burger worstel egter nie met hierdie kwessie nie – nóg in ’n *Sitkamer*-podsending, nóg in haar akademiese navorsing.

Die begrip *woke racism* som dié vreemde benadering tot, onder meer, kwessies van “ras”, identiteit en kultuur op wat tans besonder gewild is onder ’n elite-groepering in die intelligentsia. John McWhorter (2021), wat die begrip gemunt en omskryf het, en wat ’n taalkundige van beroep is, illustreer die wyses waarop ooglopend teenstrydige stellings gemaak word met die veronderstelling dat albei die stellings ononderhandelbare waarhede weerspieël. Twee voorbeelde uit sy bespreking verdien vermelding: A1: Streef om swart mense te verstaan; A2: Jy kan nooit swart mense verstaan nie, en indien jy glo jy kan of doen is jy ’n rassis; B1: Stel in multikulturalisme belang; B2: Moenie kultureel approprieer nie. Alhoewel die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering nie, myns insiens, hulself aan die uiterstes van dié idees skuldig maak nie, is daar ’n verbintenis te bespeur tussen die aangehaalde stelling van Burger en die onderliggende logika van *woke racism*. Dié onderliggende logika is wesenlik ’n spanning tussen *veelrassigheid* en *nierassigheid*, met *veelrassigheid* wat seëvier. Vandaar sal Burger haarself selfsensureer ten spyte van ’n begeerte om nierassige verbintenisse te smee.

As ’n ontwikkeling van dié neorassistiese blik, wend ek my bespreking na Azille Coetzee se meningstuk. Soos vroeër opgesom, sluit haar meningstuk verskeie ongegronde stellings in. Ek wil op die openingsparagraaf fokus:

> Soveel Afrikaanssprekende studente wat jonk is, swart of bruin is, queer is, vrou is, stel vandag nie daarin belang om die Afrikaanse letterkunde te bestudeer nie. Sommige Afrikaans-departemente aan universiteite moet op veldtogte gaan om studente te werf. Die studente dink Afrikaanse literatuur is simpel, of hulle vind dit vervreemdend, onderdrukkend, en onmoontlik om hulself en hul eie leef-wêrelde daarin te herken.

In wese verteenwoordig dié karakterisering deur Coetzee, wat nóg student nóg dosent in die Afrikaanse taal- en letterkunde is, van marginale identiteite, hetsy wat ras, ouderdom of geslag betref, een wat daardie identiteite as passief verbeel: die studente voel ontuis, en vandaar is die onus op die departemente om anders te wees en te dink.

Hierdie stelling kan teen ’n heelwat vroeër gepubliseerde betoog van Hans du Plessis oor dieselfde onderwerp gelees word. In ’n meningsartikel wat in ’n 1997-uitgawe van *Karring* verskyn het, argumenteer Du Plessis dat Afrikaans as universiteitsvak histories in ’n kunsmatige posisie ten opsigte van ander vakke gestaan het. Apartheid en Afrikanernasionalisme se wurggreep op Afrikaans, aldus Du Plessis, het ’n ruimte geskep waarin en waardeur Afrikaans se invloed veel groter was as wat dit onder ’n ideologies neutrale sosiopolitieke bestel sou wees. Hy redeneer gevolglik dat die afname in studentegetalle in die postapartheidperiode sekere onderliggende werklikhede van die “mark” weerspieël en nie noodwendig ’n doelgerigte aanval op die vakgebied as sodanig verteenwoordig nie. Verder argumenteer hy dat studente deelneem in die “mark” van idees, en hulle keuses van studierigtings weerspieël verskeie oorwegings. Dit is ’n siening wat later implisiet deur Willie Burger gedeel is wanneer hy, in ’n onderhoud wat hy met Bibi Burger gevoer het, op die afname van studente in alle taaldepartemente in Suid-Afrikaanse universiteite let – ’n afname wat met ’n toename in studentegetalle in besigheidsvakke, byvoorbeeld, gepaardgaan. Alhoewel Du Plessis vir soberheid vra wat ontledings van Afrikaans as vakgebied betref, argumenteer hy wel vir verandering – spesifiek wat Gebruiksafrikaans, oftewel praktiese/professionele Afrikaans, betref.

Terwyl beide Du Plessis en Coetzee se argumente nie deur primêre navorsing, soos onderhoude of meningspeilings, ondersteun word nie, getuig Du Plessis se redenasie van ’n blik op studente (van welke geslag, ras, of ouderdom ook al) wat hulle agentskap asook die breër sosio-ekonomiese werklikheid in ag neem. Hierteenoor is Coetzee slegs gemoeid met die veronderstelde verontregting wat ’n bepaalde groepering studente ervaar as slagoffers van die “laer”. Dié blik op marginale studente as slagoffers wil ek met Bettina Wyngaard (2019) se kritiese resensie van Coetzee (2019) se *In my vel* in verband bring. In die resensie let Wyngaard op die maniere waarop Coetzee ’n essensialiserende blik op swart karakters skep en daardeur die karakters tot hulle veronderstelde swartheid reduseer. Dié essensialisering gaan verder met ’n stilte gepaard wat swart lyding op ’n konkrete, menslike vlak betref. Wyngaard wys op hoe Coetzee Nederland ophemel, terwyl sy nie ’n enkele oomblik van rassisme gewaar nie – iets wat Wyngaard getuig sy telkens daar waargeneem het. Die gevolg is ’n vorm van wit blindheid, argumenteer Wyngaard (2019:53), met “[s]wart liggame [wat] in diens van wit verwagtinge” dien. In Coetzee se *Ontlaering*-meningstuk, waar marginale studente as slagoffers van die “laer” gekarakteriseer word, dien die “liggame” van daardie studente ’n soortgelyke doel. Eerder as wat sy hulle agentskap, verwikkelde sosio-ekonomiese werklikhede en menswees erken, word hulle ingespan in diens van pseudoprogressiewe verwagtinge – en sodoende verstar tot hulle veronderstelde marginale identiteite.

Tweedens, die burger-onderdaan-verhouding.

Hier fokus ek op die reaksie op Coetzee se meningstuk op LitNet, spesifiek die hewige kritiek wat daarteen uitgespreek is en die wyse waarop die *Ontlaering*-groepering op hulle beurt daarop gereageer het. Eerstens, LitNet skep ’n ruimte wat bepaald anders is as die deursnee akademiese portaal. Waar die tradisionele vaktydskrif, wat tans byna sonder uitsondering elektroniese publikasies is, slegs navorsingsartikels publiseer vir leesdoeleindes, besit LitNet, wat ’n groter gehoor dien en probeer lok, ’n kommentaarafdeling op elke blad. Coetzee se meningstuk is wel nie by *LitNet Akademies* ingesluit nie, maar geniet dieselfde blootstelling – soos die kommentaarafdeling – wat ewekniebeoordeelde artikels ontvang. Dit is dan juis in dié kommentaarafdeling – wat as ’n vorm van demokratisering van die intellektuele domein beskryf kan word – waar Coetzee gekritiseer is. Tweedens, in die spesiale uitgawe van *Stilet* waarin die referate van die eerste *Ontlaering*-kongres gepubliseer is, verskyn ’n herdruk van Coetzee se meningstuk. In die inleiding tot die uitgawe beskryf die redakteurs (Basson en Strydom 2019:ii) hulle gevoel van “ongemak” met die reaksie op Coetzee soos volg:

> Die meeste van hierdie teruggeskrywery [op LitNet] het ook in die veilige ruimtes van onder-die-belt-kommentaar en punditry geskied, en min (lees: geen) wou hul misnoeë in publikasie (hetsy deur peer-reviewed of kritiese leesprosesse) laat verwoord. Iets hieroor het ons ongemaklik gestem. Daarom het ons enkele van hierdie repliekgewers uitgenooi om vir die Unlaagering-uitgawe formeel op Azille se stuk repliek te lewer. Nie een het ons uitnodiging aanvaar nie. Hierdie huiwering om in die openbaar en op ’n verantwoordbare wyse met Azille se stuk (en met die groter diskoers waarin die Unlaagering-inisitatief [sic] sig situeer) in gesprek te tree, het ons laat wonder: wat is dit omtrent die metafoor van die laer wat so baie mense van ’n sekere generasie ontstig?

Voor ek verder gaan, wil ek dit noem dat ek die gevoel van teleurstelling in die aard van sekere van die kommentaar – wat Earl Basson en Wemar Strydom as “onder-die-belt” beskryf – deel. Terselfdertyd wil ek die verwagting van die redakteurs uitsonder vir kritiek, spesifiek die verwagting wat op die kritici geplaas word, maar nie van die oorspronklike skrywer vereis word nie. Coetzee se meningstuk – soos wat dit op LitNet en in *Stilet* gepubliseer is – blyk dat dit geensins aan “peer-reviewed of kritiese leesprosesse” onderworpe was nie. Hierteenoor word daar verwag dat dié wat van haar verskil wél so ’n kritiese vuurdoop moes ondergaan. Dit is die eerste onderskeiding wat gemaak word, naamlik tussen Coetzee en haar teenstanders in die besonder. Daar is onderliggend hieraan ’n tweede onderskeiding wat meer algemeen is, naamlik tussen die kwansuis gesaghebbende meningskrywer en die “pundits” wat alleenlik kommentaar lewer, maar wie se mening op sigself nie as sodanig mee geworstel word nie. Coetzee se skrywe word in *Stilet* opgeneem – waarvandaan dit deur akademiese soekenjins opgespoor kan word – terwyl die kommentaar wat op die oorspronklike LitNet-plasing verskyn slegs vir die persoon wat die bydrae op LitNet besoek sigbaar is. Die kritiek wat teenoor haar uitgespreek is, word dus nie in die akademiese rekord – wat in *Stilet* geplaas is – weerspieël nie. Hier sien ons dus die herverbeelding van die skeiding tussen die burger en onderdaan, die akademikus en die gepeupel, die ivoortoring en die kommentaarhool. Daar is fundamenteel niks progressiefs hieraan nie – die klem bly op die instandhouding van voordele en bevooroordelings wat die “akademie” bó die alledaagse “gespuis” posisioneer.

Tussen dié twee voorbeelde van identiteitsvorming – die neorassistiese en die burger-onderdaan-verhouding – word ’n nuwe dimensie van die kolonialeske oopgeskryf. My vorige betoog (Staphorst 2021) sluit geen beredenering van identiteitsvorming benewens die kolonialeske navorsers se posisionering van hulself as progressief in nie. Hier sien ons egter hoe dié progressiewe posisionering met breër diskoerse gepaardgaan wat teenprogressiewe idees rondom ras en statuur insluit. Die *Ontlaering*-*Sitkamer*-groepering is in wese verknog aan konserwatiewe idees van identiteit, veral wat die gesag van die “intellektueel” betref.

6. Kolonialeske netwerkvorming

Die derde dimensie van die kolonialeske, en die tweede wat in hierdie artikel by die bestaande begripsformulering ingelyf word, is aangaande netwerke en netwerkvorming. Soos met die vorige afdeling, betrek hierdie een bestaande teoretisering rondom kolonialisme as vertrekpunt; in die besonder denke rondom die toevoernetwerke wat koloniale ruimtes tipeer. In ’n bespreking van die Argentynse treinspoornetwerk, wys Walter Mignolo (in Delgado, Romero en Mignolo 2000) op die wyses waarop dié netwerk om ’n sentrale, koloniale voorpos gestruktureer is. Alle treine lei na Buenos Aires, maar nie na die kleiner sentrums nie. Hiernaas is Buenos Aires, ’n hawestad, verder aan die koloniale metropole in Europa verbind – ’n verskynsel, argumenteer Mignolo, wat die beweging van kennis binne koloniale ruimtes asook tussen die kolonie en metropool weerspieël. Die *Ontlaering*-kongresse én die *Sitkamer*-podsending

verteenwoordig netwerke wat, op verskeie maniere, “uitsette” lewer – hetsy in die vorm van akademiese publikasies of oudiobesprekings en -onderhoude. Die vraag is egter hoe dié opkomende akademici binne ander netwerke optree asook nuwe netwerke en bande smee. Tot watter mate word die bestaande toevoernetwerk(e) gevolg of ondermyn? Siende dat die beginpunt vir die groepering die veronderstelde uitdaging van die “laer” is, is kritiek op bestaande netwerke, en die skep van alternatiewe, bevrydende netwerke, logies die uiteindelike doel.

Hier fokus ek eerstens op Bibi Burger en *Tydskrif vir Letterkunde* [*TvL*], moontlik die vaktydskrif in Suid-Afrika wat die mees verwikkelde geskiedenis het (Botha en Roodt 2006; Stander 2011; Willemse 2011). *TvL* het nie alleen verskeie naamsveranderinge ondergaan nie – eers as *Die Afrikaanse Boek*, later as *Die Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring*, en eenmalig selfs as *60: Tydskrif vir Letterkunde* bekend – maar waar dit aanvanklik die lyfblad van ’n vereniging was wat vroueskrywers lidmaatskap verbied het, is die tydskrif se eerste vroulike redakteur, Elize Botha, ook een van die langsdienendstes gewees. Belangrik vir dié bespreking is *TvL* se verhouding met die Afrikaner-“apartheidslaer”: dit het aanvanklik finansiële ondersteuning van die nasionale regering ontvang en het tot in die 1970’s sensuurwetgewing implisiet ondersteun deur geen posisie daarteenoor in te neem nie. En terwyl *TvL* na aan die apartheidslaer was, het *Standpunte*, die Afrikaanse literêre vaktydskrif wat in die suide uitgegee is, ’n kritieser posisie ingeneem. *Standpunte* het egter gesneuwel, terwyl *TvL* vandag die oudste literêre Suid-Afrikaanse tydskrif is asook een van die enigstes wat Afrikaanse navorsing publiseer en internasionaal geïndekseer word. Die rede hiervoor is hoofsaaklik vanweë die redakteurskap van Hein Willemse, onder wie se leiding *TvL* tussen 2003 en 2019 ’n klemverskuiwing weg vanaf ’n Afrikaner- na ’n Afrikagesentreerdheid gesien het (Van Niekerk en Van Wyk 2022). *TvL* is miskien die beste voorbeeld van “ontlaering” binne die Afrikaanse kultureel-intellektuele “laer”.

Dit is teen dié agtergrond wat Bibi Burger se rol as resensieredakteur van *TvL* gelees moet word. Tussen die verskyning van *TvL* 56(2) in 2019, toe sy leiding van dié afdeling oorgeneem het, tot *TvL* 59(2) van 2022, het 97 resensies verskyn. Van die 97 resensies is die meerderheid, 18, deur skrywers verbonde aan die Universiteit van Pretoria, waar Burger tot Junie 2022 werksaam was, geskryf. Universiteit Stellenbosch, waar Burger haar doktorale studie voltooi het, volg met 12 resensies. Hiernaas volg Universiteit van die Vrystaat en UNISA met agt, Universiteit van Wes-Kaapland en Noordwes-Universiteit met ses, Universiteit van die Witwatersrand met vier, en heelparty ander universiteite met een, twee, of drie resensies. Wanneer daar op individuele resensente gefokus word, neem daar eweneens ’n netwerk om Burger vorm aan: die produktiefste resensente (drie resensies elk) sluit ’n voormalige magisterstudent van Burger (Delia Rabie) en twee van die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering (Azille Coetzee en Earl Basson) in. Verder sluit die oorgrote meerderheid van die resensente wat twee resensies geskryf het Burger se doktorale promotor (Louise Viljoen), *Ontlaering*-lede (Janien Linde en Mathilda Smit) en akademici wat tans of voorheen aan die Universiteit van Pretoria (Chris Broodryk en Siseko Kumalo) verbonde was in. Wat egter die noemenswaardigste is, is dat Suid-Afrikaanse, en veral Afrikaanse, tekste asook resensente die resensie-afdeling oorskadu. Van die 97 resensies, byvoorbeeld, is slegs ses deur akademici aan Afrika-universiteite elders as in Suid-Afrika geskryf. Dit, terwyl daar in dieselfde tydperk 20 navorsingsartikels deur skrywers aan Afrika-universiteite elders as in Suid-Afrika in *TvL* verskyn het. Daar is dus ’n bestaande netwerk in *TvL* wat Burger kon inspan om die (nie-Suid-Afrikaanse) Afrikaletterkunde in die afdeling waarvoor sy verantwoordelik was uit te bou. Hier moet genoem word dat resensieblaaie in die algemeen deur die netwerk van die betrokke resensieredakteur gedryf word, en daarby binne die perke van die blad self vorm aanneem – maar wanneer die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering se posisie en visie ten opsigte van “laer”-formasies en geïmpliseerde eksklusiewe netwerke in ag geneem word, moet hulle teen ’n hoër standaard gemeet word.

’n Tweede voorbeeld van kolonialeske netwerkvorming wat aandag verdien is *Samespraak*, ’n aanlyn studiegroep vir nagraadse studente, akademici en ander belangstellendes in die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde. “Die oogmerk van *Samespraak* is die kweek van belangstelling in die vergelykende bestudering van Afrikaanse en Nederlandse letterkunde” (Roux 2020). Die groep is aan die einde van 2020 in die lewe geroep deur Alwyn Roux (2020), maar 2021 was die eerste volwaardige “studiejaar”. Die program bestaan uit webinare wat deur groeplede aangebied word rondom hulle gekose onderwerp, met die veronderstelling dat daardie onderwerp hulle fokus vir daardie jaar is. Webinare is gevolglik nie ten volle afgeronde “referate” nie, maar kan eerder as “working papers”, of navorsing-in-wording, beskryf word. Vandaar maak vraag-en-antwoord-sessies ’n sentrale deel van elke webinaar uit. Na aanleiding van elke voorlegging volg ’n gespreksruimte wat telkens fokus op hoe die betrokke onderwerp verder ondersoek sou kon word, watter ander tekste moontlik betrek sou kon word, en ’n bespreking van die uitdagings wat die navorser in die gesig staar. Die navorsing-in-wordingsfokus skep ’n ruimte waar – anders as by die meeste tradisionele akademiese kongresse – die voordraer self vrae aan die “gehoor” kan stel, eerder as wat hulle bloot oor hul voorlegging uitgevra word.

Hier wil ek uitlig dat dié inisiatief myns insiens van onskatbare waarde is: dit is, soos Yves T’Sjoen (in Roux 2021b) dit beskryf, ’n “internationale en interuniversitaire leertool”. Moontlik van groter belang is die gebruik van ’n aanlyn platform. Só ’n platform, sonder om geanker te wees in ’n residensiële universiteit, kan ’n desentraliserende effek op die netwerke van Afrikaans-Nederlandse literatuurstudie hê, en kan daardeur ’n belangrike aandeel aan die smee van hegter samewerking tussen ’n ietwat gefragmenteerde universitêre landskap hê. Waarom dan *Samespraak* noem? Want wat opvallend is, is dat twee van die organiseerders van die *Ontlaering*-kongresse (Burger en Linde) en vier van die organiseerders van die *Sitkamer*-podsending (Burger, Linde, Voges en Roux) lede en (in die geval van Voges en Roux) organiseerders van *Samespraak* is of was. My kritiek is nie teen die netwerk as sodanig nie, maar eerder teen die toondoofheid daarvan teen die agtergrond van die besproke behoefte om te “ontlaer”.

Die Nederlandse taal en letterkunde kan in baie opsigte as Afrikaans se oudste “laer” beskou word. Die Afrikaans-Nederlands-verhouding is een wat Afrikaans as “Europese taal”, en wit Afrikaners as “Europese bevolking”, telkens diskursief onderskraag. Die merkbaarste gevolg hiervan in die konteks van universitêre studie is in die naam van die meerderheid departemente en vakgroepe waar Afrikaans landwyd doseer word: Departement(e) Afrikaans en Nederlands. Nederlands is só vervleg met Afrikaans – veral weer wat die historiese vorming van “laers” betref – dat om te “ontlaer” ongelukkig nie Nederlands (ten minste die tradisionele “heimat” daarvan in Wes-Europa) sommerso kan insluit nie. Hierdie siening op die Afrikaans-Nederlands-verhouding is ook byvoorbeeld in ’n debat wat in die vroeë-1990’s om die voortgesette insluiting van Nederlandse letterkunde in skoolkurrikulums gewoed het deur Dennis Malgas (in Malgas, Links en Van Zyl 1991:7) gedeel:

> Afrikaans se verbintenis met Nederlands kan nie ontken word nie. Die prominensie wat egter verleen word aan Afrikaans se Europese verlede deur die verpligte voorgeskrewe Nederlandse boek, onderdruk op subtiele wyse die talle ander invloede wat ’n rol gespeel het in die ontwikkeling van die taal- en letterkunde. Dié Europese verlede mag vir sommige Afrikaanssprekendes wat worstel met hul Afrika-identiteit nog belangrik wees. Dit werk egter bevestigend in op ’n breër stelsel van onderdrukking waar die idee van die Afrikaner se andersheid via Afrikaans, asook sy herleibaarheid tot Europa versterk word. Hiermee bly die Afrika-konteks van Afrikaans verswyg.

Ek herhaal my stelling dat die *Samespraak*-studiegroep wenslik is – enige projek wat bande smee tussen universiteite, tussen dissiplines, tussen tale voeg waarde toe. Ek wil egter terselfdertyd uitwys dat indien die *Ontlaering*-*Sitkamer*-groepering se doelwitte met erns nagestreef word daar veel meer gedoen sal moet

word om bande tussen Afrikaans en ander Afrikaletterkundes, Suid-Amerikaanse letterkundes en Asiatiese letterkundes te smee as wat dit tans daar uitsien. Dié argument vir gesprekke met veral suidelike letterkundes is ook deur Louise Viljoen tydens die eerste *Ontlaering*-kongres voorgehou (vergelyk Burger 2018) – én deur Fritz Ponelis amper drie dekades gelede in ’n 1995-artikel in *Karring*. *Samespraak* bevestig op baie wyses die bestaande “laer”, eerder as wat dit dit uitdaag en omvorm. Dat die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering nóú daarby betrokke is, opper vrae oor die opregtheid van hulle kritiek teenoor die veronderstelde “laer” waarin hulle hulself kwansuis bevind.

Dit is teen dié agtergrond wat ek behoudende netwerkvorming as ’n derde dimensie van die kolonialeske uitken – netwerkvorming wat van *path dependency*, oftewel padafhanklikheid, getuig. Padafhanklikheid, argumenteer Steven Friedman (2021), is ’n kenmerkende dimensie van die Suid-Afrikaanse postapartheidbestel. Eerder as wat radikale koersverandering plaasvind, volg die meeste instellings, denkraamwerke en politieke impulse dit wat demokrasie voorafgegaan het. In die konteks van die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering sien ons ’n padafhanklikheid in die vorm van sowel hegemoniese roetes, soos na Nederlands, as van sentralisering van netwerke om die self, soos om Bibi Burger – wat die wit, manlike Afrikaner-“laer” wat gekritiseer word eggo. In wese is daar geen progressiewe wegbreek van of ontwikkeling relatief tot die verlede nie, alleenlik ’n herbevestiging daarvan.

Hier kan weer na Antjie Krog geluister word. Sy het nie net, soos Viljoen by die eerste kongres en Ponelis in 1995, in haar hoofrede by die *Ontlaering*-kongres van 2021 die aandag op Afrikaans se verhouding met ander Afrikaletterkundes gevestig nie, nóg die groepering se benaming hewig gekritiseer nie, maar daar kan kortliks op ’n gedig uit *Mede-wete* (Krog 2014:117) gefokus word wat die kritiek van dié artikel grootliks opsom:

> ABSTRAK 7: die afrikaanse letterkunde sinkshackend almal hurk op die grondvloer druk mekaar vir ekstra beenspasie nou en dan pluk iemand die blikdeur oop is julle wragtig nog hier? iemand sing yoohotohoo iemand molm ’n ander kakkerlakend
>
> Sleutelwoord: medeklinkermedepligtigheid bobeenversitters-in-krimpende-taal oud-ontongend

In ’n resensie-essay van *Mede-wete* let Helize van Vuuren (2014) op die interteks wat deur die “sleutelwoord” oud-ontongend geaktiveer word, naamlik D.F. Malherbe (1963) se gedig oor Jakob Ontong. Krog, argumenteer Van Vuuren, skep hierdeur ruimte vir ’n moontlike besinning oor hóé om Afrikaans “anders” te bedink en te benader – wég van die kultuur van die “sinkshackende” geruk en gepluk vir ruimte, aansien en tersaaklikheid in die “krimpende-taal”. Krog, in ’n sekere opsig, kritiseer die Afrikaanse letterkundige “laer”. Ek wil egter aandag op die woord *hurk* plaas, en uitlig dat dit as ’n interteks tot Van Wyk Louw (1975:97) gelees kan word:

> Alleen die baie-fyn dink is helder:
> so fyn dat byna niemand dit wil vat nie.
> Al die ander dink is saam-hurk, of paring,
> in ’n donkerte waarin ons soet-goed fluister.

Die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering verteenwoordig – ondanks hulle ideale van vernuwing, epistemiese en sosiale geregtigheid en Afrikaans se bevryding – ’n “laer” waarin daar “saamgehurk” word in opstand teen ’n hede en verlede waarvan die groepering in wese ’n oppervlakkige begrip het.

7. Die kolonialeske, ’n wyer blik

’n Moontlike teenargument wat in verhouding tot my ontleding geopper kan word, is hoe geregverdig die klem op “opkomende akademici” is. In antwoord hierop wil ek dit eerstens duidelik stel dat ek nie die aanwesigheid van “laers” in die Afrikaanse letterkunde, of enige ander Afrikaanse kulturele domein, uit die staanspoor ontken nie, soos ook deur die loop van my bespreking aangesny is. Tweedens, van die noemenswaardige “laers” wat bestaan, word deur ouer akademici in stand gehou. ’n Voorbeeld van so ’n “laer” wat ek sou uitken en kritiseer is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se prestigereeks huldigingsbundels wat oor Hertzogpryswenners saamgestel word. In ’n resensie van die huldigingsbundel oor Anna M. Louw (Van der Merwe 2021), opper Willie Burger (2021) die volgende kwessie:

> Die probleem met ’n reeks soos hierdie, waarin die boeke oor skrywers mekaar snel opvolg, in ’n betreklik klein literêre veld, is dat daar eintlik ’n beperkte aantal navorsers in die Afrikaanse literatuurveld is, en dat dieselfde mense oor en oor gevra word om bydraes te lewer.

Alhoewel ek dit met hom eens is dat Afrikaans ’n “betreklik klein literêre veld is”, is die verskynsel van “dieselfde mense [wat] oor en oor gevra word om bydraes te lewer” tot die reeks nie noodwendig ’n verteenwoordiging van daardie “kleinheid” nie. Dit weerspieël eerder die “laer”-formasie waardeur die reeks benader word – ’n “laer” wat byna identies aan dié van die (Bibi) Burger-“laer” in *TvL* is. Alhoewel die oproep vir samestellers en boekvoorstelle wel demokraties geskied in die blaaie van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (vergelyk Anon. 2020), word die bundels self nie so benader nie. Daar is, na my wete, nog geen oproep vir bydraes vir enige spesifieke bundel gedeel nie. Die gevolg is dat die bundels telkens die “laer”-vorming van die samesteller weerspieël. ’n Goeie voorbeeld is Heilna du Plooy (2019), aan die Noordwes-Universiteit verbonde, se bundel oor P.G. du Plessis, waar die bydraers almal ook aan universiteite in die noorde verbonde is. Hiermee word nie bedoel dat die samestellers nie hulle bestaande netwerk mag inspan nie, of dat die bydraers en samestellers van die reeds gepubliseerde bundels in die reeks onbevoeg is om oor die betrokke skrywer navorsing te doen nie, maar dat die volledige fokus op só ’n netwerk uit die aard van die saak geen ontlaeringsimpuls kan weerspieël nie.

Verder, terwyl dié artikel op opkomende akademici fokus, is die bespreekte verskynsel van ’n gebrek aan vakkundig-historiese kennis allermins iets unieks aan die jonger generasie, of die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering. ’n Voorbeeld hiervan is te sien in ’n onlangse spesiale uitgawe van *Stilet* wat op genrefiksie in die algemeen, en romantiese fiksie in die besonder, gefokus het. Hier wil ek kortliks op romantiese fiksie fokus. In die inleiding beskryf die gasredakteurs van die uitgawe, Ilse de Korte, Neil van Heerden en Martina Vitackova (2021:ii), die sogenaamde gebrek aan aandag aan hierdie genre in die Afrikaanse letterkunde soos volg:

> Chanette Paul, self ’n gewilde romanseskrywer, het in 2000 ’n inleidende artikel oor romantiese ontspanningsfiksie vir *Literator* (Paul 2000) geskryf, maar hierdie eerste poging om romantiese ontspanningsfiksie in Afrikaans akademies te bestudeer, het min of geen reaksie ontlok nie. Eers in 2011, doen Marita [sic] Snyman en Cecilia Penzhorn ’n resepsiestudie oor Afrikaanse romantiesefiksielesers en in 2018 verskyn Martina Vitackova se artikel oor die verteenwoordiging van die rassige en seksuele “Ander” in die werk van Sophia Kapp. Dit is dus duidelik, na aanleiding van die stelling van Heilna du Plooy (2010), dat navorsing in veral romantiese fiksie maar min momentum

gekry het. Dit is egter hierdie leemte wat Vitackova, Meiring, De Korte en Sutton daadwerklik in hul navorsing aanspreek.

Volgens die inleiding het die bestudering van romantiese fiksie in Afrikaans in 2000 begin, sporadies in die 2010's aandag ontvang en dan dien dié spesiale uitgawe van *Stilet* as keerpunt. Ek is geen kenner op die gebied van die romantiese fiksie nie, en kan dus nie ingeligte kommentaar oor die oorsprong van die studie daarvan in Afrikaans lewer nie – behalwe om na die volgende te verwys, naamlik 'n uitgawe van een en dieselfde vaktydskrif, *Stilet*, van 1997 waarin vier artikels oor die hygroman verskyn: "Die hygroman as verskynsel binne die Afrikaanse literêre sisteem" deur Maritha Snyman, "Die hygroman in Afrikaans" deur Jeannette Ferreira, "Hyg die leser(?): 'n Lesersrespons op die hygroman" deur Gerhard van der Linde en "Die fenomeen van die hygroman in Afrikaans" deur Cecilia Britz. Dit is veral die laasgenoemde bespreking deur Britz wat van belang is, siende dat die 2021-uitgawe van *Stilet* aan Britz, "[v]ir haar baanbrekerswerk op die gebied van romantiese fiksie in Afrikaans", opgedra is. Hiernaas verskyn twee huldeblyke aan Britz (Norton 2021, Paul 2021), maar daar is geen enkele verwysing na haar bydrae of die ander bydraers tot die hygromanbespreking in die 1997-uitgawe van *Stilet* nie. Alhoewel dié twee voorbeelde sekere van die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering se uitings en benaderings eggo, is die deurslaggewende verskil dat dit slegs die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering is wat hulself aan 'n morele doel verbind.

Hiernaas kan daar ook na ander "opkomende" lede van die Afrikaanse literêre wêreld gekyk word, soos skrywers wat op verskeie maniere die kolonialeske versinnebeeld. 'n Prominente voorbeeld is Nathan Trantraal en die berugte polemiek wat hy ontketen het met sy kritiek op Adam Small en Peter Snyders (Trantraal en Marais 2013). Ek wil in die besonder die replieke van Small (2015) self asook Hein Willemse (Willemse en Lloyd 2016) uitlig. In sy repliek argumenteer Small dat Kaaps as taalvorm tot 'n mate, maar nie uitsluitlik nie, aan armoede verbind is en dat sy skryfwerk asook dié van Trantraal met armoede worstel. Die verskil, aldus Small, is grootliks die wyse waarop daar met armoede geworstel word. Small sien sy eie werk as 'n poging om armoede uit te lig en daardeur die werklikhede en struwelinge van hulle wat daarmee saam leef te verwoord. Trantraal, argumenteer Small hierteenoor, se werk is tekenend van armoede: 'n armoede aan nederigheid en erkenning van literêre voorgangers – hy is "[o]nverantwoordelik en skaamteloos-roekeloos" (Small 2015:123); en 'n armoede aan moraliteit – "[s]y werk is deurvleg van afkeur van die sogenaamde Establishment, maar hy verwelkom duidelik elke guns en gawe wat uit daardie oord hom toeval" (Small 2015:123). In Willemse (in Willemse en Lloyd 2016) se kritiek kom 'n laaste spreekwoordelike armoede ter sprake, naamlik 'n armoede aan kundigheid: sy werk is "dikwels sonder die intellektuele insig of ambagtelike vaardigheid wat die beste van Small se poësie kenmerk". Trantraal en sy sienings is miskien die naaste wat die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering aan 'n filosofiese bondgenoot het. En teen dié agtergrond gelees, kan die onkundigheid van die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering ten opsigte van die lang geskiedenis van 'n kritiese diskoers in en oor Afrikaanse letterkunde moontlik meer akkuraat as "armoede" bestempel word: 'n armoede aan vakkundigheid en historiese bewussyn.

Wanneer die blik van die Afrikaanse literêre en navorsingstradisie na die internasionale ruimte verskuif word, is daar eweneens 'n vergelyking wat getref kan word. Herbert Gans het byvoorbeeld in 1992 die "rakleeftheid" van akademiese skryfwerk bespreek. Deur te fokus op sosiologie, wys Gans se bespreking op die volgende: die oorweldigende meerderheid van navorsing word slegs binne die eerste twee dekades ná publikasie na verwys; ná 20 jaar neem verwysings drasties af, met slegs 3% van studies wat ná 60 jaar nog aangehaal word. Deur na dié statistieke te kyk, kan daar redeneer word dat dit alleenlik die tersaaklikheid van navorsing weerspieël – met slegs dít wat "klassiek" of "baanbrekend" is wat die 3%-groepering behaal. Wat Gans egter uitwys, is dat studies wat nié aangehaal word nie, en buite die twee dekade-vensters val, telkens dieselfde ondersoekvrae stel en gevolgtrekkings bereik as die sogenaamde "nuwe" navorsing. Dít noem hy "sosiologiese geheueverlies".

Indien Gans se navorsing ’n raakpunt tussen internasionale tendense en die *Ontlaering*-groepering verskaf, kan die bespreking van Thomas Sowell in *Intellectuals and society* (2009) insig in Azille Coetzee se meningstuk verskaf. Intellektuele, oftewel kenniswerkers, argumenteer Sowell (2009), maak gereeld die denkfout dat “verhewe vermoëns in ’n bepaalde gebied as verhewe wysheid of moraliteit in die breë veralgemeen kan word”. Die gevolg is dat intellektuele telkens hulle bepaalde deskundigheid oorskry, en menings oor sake of gebeure huldig waarvan hulle weinig kennis het. In hierdie opsig is Coetzee se sienings ook tekenend van ’n algemene tendens.

Waarom is *kolonialeske* dan nog nodig? Is die begrip nie oorbodig teen die agtergrond van Gans en Sowell se besprekings nie? Nee, sal ek voorhou, siende dat die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering nie bloot onkundig is oor die lang tradisie van hulle veld nie, of soos Coetzee ’n mening huldig oor ’n saak buite haar deskundigheid nie, maar dat daar gemoraliseer word; dat hulle posisie vir verandering en transformasie as progressief beskou word in verhouding tot die veronderstelde behoudende en onderdrukkende Afrikaanse “laer”. Dit is hierdie moralisering wat hulle aan die *kolonialeske* in die besonder, anders as akademiese geheueverlies en intellektuele astrantheid in die algemeen, skuldig maak.

Op hierdie oomblik wil ek terugkeer na een van die hoofdoelstellings van hierdie artikel, naamlik om die begripsformulering van *kolonialeske* uit te daag en uit te brei. Ek wil egter ook op hierdie punt my vorige (2021:76) siening dat die “kolonialeske nie met koloniale kennis in die juiste sin ooreenstem nie” beaam. Die klem is eerder op die ooreenkomste wat die kolonialeske met kolonialisme deel, as om dit as volslae eenders te tipeer. Kolonialisme, per definisie, verwys na ’n grootskaalse transnasionale projek deur maghebbers in verhouding tot ’n onderdrukte ruimte; om opkomende Afrikaanse akademici hiervan te beskuldig sou sinneloos wees.

Die voorlopige definisie wat aan die begin van die bespreking aangebied is, lui soos volg: ’n verskynsel waar denkers buite hulle veld van kundigheid beweeg en/of ’n gebrek aan ’n historiese bewussyn openbaar terwyl daar morele argumente voorgehou word wat lei tot teenprogressiewe identiteits- en groepvorming. Hierdie definisie bestaan wesenlik uit die drie faktore wat die artikel se struktuur gevorm het: kennis, identiteit en netwerke. Vergelykenderwys kan hierdie drie dimensies met Aníbal Quijano (2000) se begrip van *kolonialiteit van mag* in gesprek gebring word. Quijano se uiteensetting van hoe kolonialisme as ’n oorweldigende sosiale, epistemiese en politiese sisteem uiting geniet fokus op drie vlakke: kennissisteme, hiërargiese sisteme en kultuursisteme. Op elkeen van hierdie drie vlakke plaas kolonialisme, aldus Quijano, die Europeër en Europa as middelpunt in verhouding tot die gekoloniseerde marges. In terme van kennissisteme verwys Quijano na die manier waarop gekoloniseerdes se kennisstelsels as minderwaardig vergeleke met dié van Europeërs beskryf word; hiërargiese sisteme sluit die skep van identiteite in wat die Europeër as verhewe bo die gekoloniseerde beskou; en kultuursisteme na die wyses waarop Eurosentrisme as norm posisioneer word. Belangwekkend is dat dié mag nie verdwyn nadat formele kolonialisme eindig nie. Dit is eerder ’n voortdurende invloed wat die koloniale ruimtes stempel.

Die kolonialeske weerspieël dus hierdie magspel: kennis van en binne die veronderstelde “laer” is minderwaardig vergeleke met dié van die ontlaerders, die ontlaerder verteenwoordig ’n verhewe en bevoorregte identiteit, maar terselfdertyd word sentraliserende netwerke wat telkens wederkerend op die Europese sentrum inwerk gevorm. Soos genoem is Quijano se idee van die kolonialiteit van mag nie slegs verbind aan kolonialisme as ’n politieke projek van die verlede nie; dit beïnvloed, en op sekere wyses bepaal, die hede. Teen hierdie agtergrond kan die kolonialeske as ’n vorm van moraliserende mags(post)kolonialiteit beskou word wat deur drie dimensies – kennis, identiteit en netwerke – uiting geniet.

8. Ten slotte

Hierdie artikel het ten doel gehad om die kolonialeske tendense onder opkomende Afrikaanse taal- en letterkundiges te ondersoek asook om die begrip *kolonialeske* as sodanig uit te daag en te verruim. Die reeds geteoretiseerde tendens rondom kennis is gevolglik by verdere besprekings van identiteit- en netwerkvorming bygebring om uit te wys hóé die kolonialeske aan die bestaande teoretisering rondom die kolonialiteit van mag herinner. Die kolonialeske is dus nie bloot iets wat in die annale van akademiese diskoers gevind kan word nie, maar verteenwoordig eerder ’n verwikkelder verskynsel wat die gedrukte woord oorskry en kwessies van interpersoonlike verhoudinge, netwerktrajekte, en uiteindelik die wesenlike aard van die akademie as ’n sosiale ruimte kan beïnvloed.

Dat die onderliggende impulse wat deur die *Ontlaering-Sitkamer*-groepering verteenwoordig word – naamlik vir vernuwende pedagogiese benaderings, die verruiming van die Afrikaanse taal- en letterkundige ruimte, en die skep van nuwe netwerke en werksverhoudings – nodig is, is myns insiens ongetwyfeld waar. Wat dié bespreking egter uitlig, is dat wanneer daardie impulse met ’n gebrek aan kundigheid, deurdagtheid en selfrefleksie gepaardgaan – wanneer dit skuldig is aan die kolonialeske – bestaan die moontlikheid dat die teenoorgestelde van waarna daar gesmag word ’n werklikheid kan word. Die vraag bly dus hóé om hierdie verwikkelde dimensies van kennis, identiteit en netwerke te benader op so ’n wyse dat radikaal verruimende toekomste bereik kan word. En in ’n poging om ’n antwoord hierop te verskaf is daar deur die loop van die artikel besin oor die waarde van ’n kritiese dog histories verantwoordbare bewussyn, die belang van nierassigheid en die uitdaag van ivoortoringvoordele, en die behoefte aan ’n vorm van intellektuele afstandelikheid. Of dié oriënterings genoegsaam sal wees om die kolonialeske teen te werk sal egter eers beproef moet word.

Bibliografie

||kabbo. 1911. ||kabbo’s intended return home. In Bleek en Lloyd (reds.) 1911.

Adhikari, M. (red.). 1996. *Straatpraatjes. Language, politics and popular culture in Cape Town, 1909–1922*. Pretoria: Van Schaik.

Anoniem. 2020. Prestigereeks van die SA Akademie: uitnodiging aan literatore. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(1):267.

Antia, B.E. en C. Dyers. 2016. Epistemological access through lecture materials in multiple modes and language varieties: the role of ideologies and multilingual literacy practices in student evaluations of such materials at a South African University. *Language Policy*, 15:525–45.

Attwell, D. en D. Attridge (reds.). 2012. *The Cambridge history of South African literature*. Cambridge: Cambridge University Press.

Bank, A. 2006. *Bushmen in a Victorian world: the remarkable story of the Bleek-Lloyd collection of Bushman folklore*. Kaapstad: Double Storey.

Basson, E. 2022a. Herstandaardisering aan die hand van skoolhandboeke vir die legitimering van Kaapse Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 62(4):766–90.

—. 2022b. Van daar na waar? 'n Oorsigtelike blik op die herstandaardiseringsdebat van Afrikaans. *LitNet Akademies*, 19(1):105–37. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2022/04/LitNet_Akademies_19-1_4_Basson-105-137.pdf.

Basson, E. en M. le Cordeur. 2018. Kaapse Afrikaanse idiomatiese uitdrukkings as hulpmiddel vir 'n meer inklusiewe Afrikaanse huistaalklaskamer. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 30(1/2):169–87.

Basson, E. en W. Strydom. 2019. Redakteursnota. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 31(1):i–vi.

Bleek, W.H.I. en L.C. Lloyd (reds.). 1911. *Specimens of Bushman folklore*. Londen: George Allen.

Bosch, B. en V. de Klerk. 1995. Benoemingspraktyke in Afrikaans: 'n sosio-onomastiese perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 35(2):95–108.

Boshoff, H. 2023. Die noodsaak van die kultuurmens in die tyd van uitsetverknegting. *LitNet Akademies*, 20(2):123–38. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2023/09/LitNet_Akademies_j20n2b5_Boshoff.pdf.

Bosman, M. en C. Malan. 1987. *Die beplanning van onderrig in die Suid-Afrikaanse letterkunde*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Botha, E. en P.H. Roodt. 2006. Die Tagtigers en die *Tydskrif vir Letterkunde* – was daar 'n Tagtigerbeweging? *Tydskrif vir Letterkunde*, 43(1):57–67.

Britz, C. 1997. Die fenomeen van die hygroman in Afrikaans. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 9(1):17–24.

Burger, B. 2018. Ontlaering: 'n herverbeel van die pedagogiek van Afrikaanse letterkunde. LitNet. https://www.litnet.co.za/ontlaering-n-herverbeel-van-die-pedagogiek-van-afrikaanse-letterkunde/ (30 November 2022 geraadpleeg).

—. 2020. "Our respect for water is what you have termed fear": the ocean in the poetry of Ronelda S. Kamfer and Koleka Putuma. *Journal of Southern African Studies*, 46(1):23–38.

—. 2022. *grond/Santekraam* en *bientang*: gesitueer in globale swart seeroetes. *Tydskrif vir Letterkunde*, 59(1):62–74.

Burger, W. 2019. "Afrikaans does not yet exist in a normal context": on Unlaagering Afrikaans. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 31(1/2):60–77.

—. 2021. *Anna M Louw. Fassinerende, veelkantige skrywer*: ’n resensie. LitNet. https://www.litnet.co.za/anna-m-louw-fassinerende-veelkantige-skrywer-saamgestel-deur-chris-van-der-merwe-n-resensie/ (30 November 2022 geraadpleeg).

Burger, W. en B. Burger. 2020. Boeke met Burger: ’n Zoom-gesprek met Bibi Burger. LitNet. https://www.litnet.co.za/boeke-met-burger-n-zoom-gesprek-met-bibi-burger/ (30 November 2022 geraadpleeg).

Coetzee, A. 2019. *In my vel: ’n reis*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2020. Afrikaans as liminale transnasionale literêre sisteem: ’n paar gedagtes oor ontlaering uit QwaQwa. LitNet. https://www.litnet.co.za/afrikaans-as-liminale-transnasionale-literere-sisteem-n-paar-gedagtes-oor-ontlaering-uit-qwaqwa/ (30 November 2022 geraadpleeg).

Coetzee, C. 2013. *Accented futures: language activism and the ending of apartheid*. Johannesburg: Wits University Press.

Croeser, C. 2022. Resensie van *bottelnek breek bek*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 59(2):95–7.

De Jong, M. 1989. *’n Ander Afrikaanse letterkunde: Marxistiese en sosiaalgerigte teksopvattings in Afrikaans*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

De Korte, I., N. van Heerden en M. Vitackova. 2021. Inleidende opmerkings. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 32(2):i–v.

Delgado, L.E., R.J. Romero en W. Mignolo. 2000. Local histories and global designs: an interview with Walter Mignolo. *Imperial Discourses*, 22(3):7–33.

Dick, L. 2018. Assemblage-teorie, affek en witwees. ’n Alternatiewe blik op die werking van witwees. *LitNet Akademies*, 15(2):229–248. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2018/09/LitNet_Akademies_15-2_Dick_229-248.pdf.

Dido, E.K.M. 2000. *’n Stringetjie blou krale*. Kaapstad: Kwela.

Du Plessis, H. 1997. Afrikaans op universiteit: gee wat die mark vra. *Karring*, 13:17–8.

—. 2015. Om gedigte in ’n Afrikaanse dialek te skryf. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 27(2):17–31.

Du Plessis, H. en T. du Plessis (reds.). 1987. *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM.

Du Plessis, T. en A. van Gensen (reds.). 1999. *Taal en Stryd 1989 – 1999: gedenkbundel. Geselekteerde bydraes van die Taal en Stryd-kongres aangebied deur die Departemente Afrikaans en Nederlands van die Universiteit van Wes-Kaapland en Universiteit van Natal, op 28 en 29 April 1989 in Durban*. Pretoria: Van Schaik.

Du Plooy, H. 2010. Neem kennis van hierdie soort literatuur. *Literator*, 31(2):196–9.

—. (red.). 2019. *P.G. du Plessis: Hy was 'n rukkie pagter hier. 'n huldiging*. Somerset-Wes: Litera.

Dyers, C. en B.E. Antia. 2019. Multilingual and multimodal mediation in one university module: the people and processes involved. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 37(1):62–76.

Erasmus, Z. 2017. *Race otherwise: forging a new humanism for South Africa*. Johannesburg: Wits University Press.

Ester, H. en A. van Leuvensteijn (reds.). 1995. *Afrikaans in een veranderde context: Taalkundige en letterkundige aspecten*. Amsterdam: Suid-Afrikaanse Instituut.

February, V. (red.). 1994. *Taal en identiteit: Afrikaans en Nederlands. Voordragte gehou in die Pieterskerk, Leiden 23–24 Junie 1992 onder beskerming van die Afrika Studiecentrum*. Kaapstad: Tafelberg.

Ferreira, J. 1997. Die hygroman in Afrikaans. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 9(1):38–44.

Friedman, S. 2021. *Prisoners of the past: South African democracy and the legacy of minority rule*. Johannesburg: Wits University Press.

Gans, H.J. 1992. Sociological amnesia: the noncumulation of normal social science. *Sociological Forum*, 7(4):701–10.

—. 2017. Racialization and racialization research. *Ethnic and Racial Studies*, 40(3):341–52.

Hagen, L. 1999. Kulturele identiteit: die "Alternatiewe Afrikaanse Beweging" van die tagtigerjare. MA-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit.

Hattingh, M. en H. Willemse (reds.). 1994. *Vernuwing in die Afrikaanse letterkunde*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Joubert, E. 1963. *Ons wag op die kaptein*. Kaapstad: Tafelberg.

Kriel, M. 1998. Taal en identiteitskrisis, en die alternatiewe Afrikaanse musiekbeweging. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 16(1):16–26.

Kriger, R. en E. Kriger (reds.). 1996. *Afrikaans literature: recollection, redefinition, restitution*. Amsterdam: Rodopi.

Krog, A. 1998. Is die lem al op die lip? *Afrikaans vandag*, 5(3):17.

—. 2003. Non-racialism in Afrikaans. LitNet. https://oulitnet.co.za/seminaar/antjiek.asp (30 November 2022 geraadpleeg).

—. 2014. *Mede-wete*. Kaapstad: Human & Rousseau.

—. 2021. Hoofrede: Letterkunde. *Ontlaering*-kongres, 29–30 April. https://www.youtube.com/watch?v=5ClCUFHnJc0 (30 November 2022 geraadpleeg).

Kruger, E. 1994. Die gebruik van *Wit Oemfaan* (F.A. Venter) as teks in ’n kommunikatiewe letterkunde-onderrigmodel. In Hattingh en Willemse (reds.) 1994.

Letoit, A. 1988. Afrikaans in die een-en-twintigste eeu: ’n verhandeling. *Tydskrif vir Letterkunde*, 26(3):54–8.

Linde, J. 2018. Relasionele performatisme: ’n metamodernistiese benadering tot die resente werk van Marlene van Niekerk. PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

Louw, C. 1988. “Alternatiewe” Afrikaans: woelinge rondom lastige kwessie. *Die Suid-Afrikaan*, Junie:19–21.

Louw, N.P. Van Wyk. 1971. *Liberale nasionalisme*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 1975. *Tristia*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Malan, C. (red.). 1984. *SA Literature Research* | *SA Letterkundenavorsing*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Malgas, D., T. Links en W. van Zyl. 1991. Nederlands op skool? *Karring*, 2:6–10.

Malherbe, D.F. 1963. Jakob Ontong. In Opperman (red.) 1963.

Mamdani, M. 1996. *Citizen and subject: contemporary Africa and the legacy of late colonialism*. Princeton: Princeton University Press.

McWhorter, J. 2021. *Woke racism: how a new religion has betrayed Black America*. New York: Penguin.

Mudzanani, N.B. 1990. Die verhouding tussen literêre teorie en kritiek in die Afrikaanse literêre sisteem binne die sg. “Nuwe Paradigma”, aan die hand van gekose figure: Marianne de Jong, Joan Hambidge en Gerrit Olivier. MA-verhandeling, Rhodes Universiteit.

Ndebele, N. 2006. *Rediscovery of the ordinary: essays on South African literature and culture*. Pietermaritzburg: University of Kwa-Zulu Natal Press.

Nietzsche, F. 1874. *Unzeitgemässe Betrachtungen*. Leipzig: E.W. Fritzsch.

Norton, C. 2021. Om groot C (Cecilia Britz) te onthou. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 33(2):6–7.

Opperman, D.J. (red.). 1963. *Groot verseboek*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Paul, C. 2000. Die romanse en romantiese karakters. *Literator*, 21(2):97–111.

—. 2021. My lang pad saam met Cecilia Britz. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 33(2):1–5.

Pheiffer, R.H. 1996. “Straatpraatjes” – ’n vroeë voorbeeld van Alternatiewe Afrikaans. In Adhikari (red.) 1996.

Pieterse, H.J. 1994a. Die “alternatiewe” Afrikaanse gemeenskapspers: ’n ideologies-kritiese beskouing. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*. Supplement:17–37.

—. 1994b. Taalpolitiek en alternatiewe Afrikaans. DLitt-proefskrif, Unisa.

—. 1995a. Alternative Afrikaans. *Language matters: Studies in the Languages of Africa*, 26:59–84.

—. 1995b. “Alternatiewe Afrikaans”: ’n historiese oorsig en tipologie. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*. Supplement:133–62.

—. 1998. Hegemonie, Standaardafrikaans, “alternatiewe Afrikaans” en “aktuele Afrikaans”. *Tydskrif vir Letterkunde*, 36(4):59–73.

Ponelis, F. 1995. Afrikaans op universiteit. *Karring*, 9:5–9.

Prinsloo, K.P. en M.C.J. van Rensburg (reds.). 1984. *Afrikaans: stand, taak, toekoms*. Pretoria: HAUM.

Quijano, A. 2000. Coloniality of power, Eurocentrism, and Latin America. *Nepantla: Views from the South*, 1(3):533–80.

Rancière, J. 1991. *The ignorant schoolmaster: five lessons in intellectual emancipation*. Stanford: Stanford University Press.

Rassool, C. 2019. The politics of nonracialism in South Africa. *Public Culture*, 31(2):343–71.

Rittles, P.S. 1994. ’n Kritiese besinning oor die konsep “alternatiewe Afrikaans” as ’n taal-politieke strategie om ’n nuwe ideologiese inhoud aan Afrikaans te gee. MA-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland.

Roux, A. 2020. Persvrystelling: Samespraak – bekendstelling van webblad vir nagraadse studiegroep vir Afrikaans en Nederlands. LitNet. https://www.litnet.co.za/persvrystelling-samespraak-bekendstelling-van-webblad-vir-nagraadse-studiegroep-vir-afrikaans-en-nederlands/ (30 November 2022 geraadpleeg).

—. 2021a. ’n Geskiedenis van literatuurwetenskap in Afrikaans. Versindaba. https://versindaba.co.za/2021/03/05/alwyn-roux-n-geskiedenis-van-literatuurwetenskap-in-afrikaans/ (30 November 2022 geraadpleeg).

—. 2021b. Samespraak 2021: ’n oorsig. Versindaba. https://versindaba.co.za/2021/12/02/alwyn-roux-samespraak-2021-n-oorsig/ (30 November 2022 geraadpleeg).

—. 2022. Die grense van die Heideggeriaanse woonbegrip in refreine van “nomadismes” in *Die beginsel van stof* (2011). *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 34(2):37–54.

Small, A. 2015. Armoede, woordkuns, en letterkundige verdorwenheid. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 27(2):120–31.

Smit, M., B. Burger en J. Linde. 2022. Transnasionale ontlaering / Transnational unlaagering. *Tydskrif vir Letterkunde*, 59(1):1–6.

Smith, J.F., A. van Gensen en H. Willemse (reds.). 1985. *Swart Skrywersimposium: ’n verslag van ’n simposium gehou op 26–27 April by die UWK*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Snyman, M. 1997. Die hygroman as verskynsel binne die Afrikaanse literêre sisteem. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 9(1):6–16.

Snyman, M. en C. Pentzhorn. 2011. Leser en konteks: ’n resepsiestudie oor Afrikaanse romanselesers. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(2):238–50.

Sowell, T. 2010. *Intellectuals and society*. New York: Basic Books. Kindle-uitgawe, 10 Februarie 2023.

Stander, J. 2011. 75 jaar van *Tydskrif vir Letterkunde* – ’n voorlopige verkenning. *Tydskrif vir Letterkunde*, 48(2):13–30.

Staphorst, L. 2019. Owning the body, embodying the owner: complexity and discourses of rights, citizenship and heritage of southern African Bushmen. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 33(4/5):104–21.

—. 2021. |hu|huŋaŋ |ne e: ǂkakən au hi |enni |emm [Europeans are those who talk with the tip of their tongue]: colonialesque knowledge, attuned thinking and the bloody body of scholarship known as Bushman studies. *Southern African Humanities*, 34:59–82.

Trantraal, N. en D. Marais. 2013. Kaaps is nie ’n joke-taal. *Die Burger*, 2 Augustus.

Twidle, H. 2012. “The Bushman’s letters”: |xam narratives of the Bleek and Lloyd collection and their afterlives. In Attwell en Attridge (reds.) 2012.

Van Aardt, M. 1989. Afrikaans en taalpolitiek: enkele voorlopige opmerkings. *Koers*, 54(2):174–89.

Van den Heever, R. 1987. *Tree na vryheid: ’n studie in Alternatiewe Afrikaans*. Kasselsvlei: Kaaplandse Professionele Onderwysunie.

Van den Heever, R. (red.). 1988. *Afrikaans en bevryding: Alternatiewe Afrikaans*. Kasselsvlei: Kaaplandse Professionele Onderwysunie.

Van der Linde, G. 1997. Hyg die leser(?): ’n lesersrespons op die hygroman. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 9(1):25–37.

Van der Merwe, C. (red.). 2021. *Anna M Louw: fassinerende, veelkantige skrywer. 'n Huldiging*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Van Heerden, M. 1992. Die onderrig van Afrikaans vir transformasie: van stilte tot "stem". *Karring*, 4:8–11.

Van Jaarsveld, A. 1994. Literatuuronderrig binne 'n multi-kulturele samelewing. In Hattingh en Willemse (reds.) 1994.

Van Niekerk, J. en S. van Wyk. 2022. Hein Willemse: teen die grein / against the grain. *Tydskrif vir Letterkunde*, 59(3):1–11.

Van Niekerk, M. 1992. Ideologiekritiek as retoriek en as hermeneuse: 'n voorstel vir 'n praxis van kritiese en transformerende "letterkunde-onderrig". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 32(4):290–311.

Van Rensburg, C. 1991. Wat van 'n Nuwe Afrikaans? *Acta Academica*, 23(3):13–33.

Van Vuuren, H. 1994. Forgotten territory: the oral tradition of the /Xam. *Alternation*, 1(2):57–70.

—. 2014. LitNet Akademies-resensie-essay: *Mede-wete* deur Antjie Krog. LitNet, 3 Desember. https://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-mede-wete-deur-antjie-krog/ (30 November 2022 geraadpleeg).

Venter, F.A. 1965. *Wit Oemfaan: gegrond op die verhaal van die Voortrekkerseun Ferdinand van Gas soos aangeteken deur Gustav S. Preller*. Kaapstad: Tafelberg.

Vitackova, M. 2018. Representation of racial and sexual "others" in Afrikaans popular romantic fiction by Sophia Kapp. *Tydskrif vir Letterkunde*, 55(1):122–33.

Von Wielligh, G.R. 2009. *Versamelde Boesmanstories 1*. Pretoria: Protea.

—. 2010. *Versamelde Boesmanstories 2*. Pretoria: Protea.

Webb, V.N. (red.). 1992. *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: Van Schaik.

Willemse, H. 2011. *Tydskrif vir Letterkunde*: 'n aaneenlopende rekord van 75 jaar. *Tydskrif vir Letterkunde*, 48(2):5–12.

Willemse, H., M. Hattingh, S. van Wyk en P. Conradie (reds.). 1997. *Die reis na Paternoster: 'n verslag van die tweede Swart Afrikaanse Skrywersimposium gehou op Paternoster vanaf 29 September tot 1 Oktober 1995*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Willemse, H. en J. Lloyd. 2016. Onderhoud: Hein Willemse oor Adam Small, Nathan Trantraal, velkleur en dekonstruksie. LitNet. https://www.litnet.co.za/onderhoud-hein-willemse-oor-adam-small-nathan-trantraal-velkleur-en-dekonstruksie/ (30 November 2022 geraadpleeg).

Willemse, H. en S. van Wyk (reds.). 2015. *'n Vlag aan die tong: gedenkbundel van die derde Swart Afrikaanse Skrywersimposium*. Wildernis: Abrile Doman | Pretoria: Hond.

Wyngaard, B. 2019. Swart liggame in diens van wit verwagtinge: 'n reaksie op *In my vel*. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 31(1/2):53–9.

- Hierdie artikel se fokusprent is geskep deur Yevgraf Zhivago en is verkry op Unsplash.

LitNet Akademies *(ISSN 1995-5928) is geakkrediteer by die SA Departement Onderwys en vorm deel van die Suid-Afrikaanse lys goedgekeurde vaktydskrifte* (South African list of Approved Journals). *Hierdie artikel is portuurbeoordeel vir* LitNet Akademies *en kwalifiseer vir subsidie deur die SA Departement Onderwys.*

0 0 0 0 1 0 1

3

Kommentaar

Alwyn Roux
2023-10-18 at 22:55

Een van die belangrikste aspekte wat Luan Staphorst nagelaat het in sy artikel, is die Covid-19-pandemie. Dit het direk daartoe bygedra dat Samespraak en Sitkamer tot stand gekom het.

Reply

Selwyn Milborrow
2023-10-19 at 12:37

Luan Staphorst se artikel laat mens dieper dink oor die konsepte van rassifisering, identiteit en taal in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die spanning tussen veelrassigheid en nie-rassigheid is 'n uiters relevante en komplekse kwessie. Staphorst raak punte aan oor transformasie en hoe dit ons verhouding tot ras en kultuur beïnvloed. Daar is 'n bewusmaking van die wyse waarop rasse-identiteite steeds ons interaksies en kultuur beïnvloed, selfs na 1994. Die alombekende begrip "woke racism" trek ook die aandag: kontradiktoriese stellings oor ras en kultuur in ons samelewing. Staphorst merk tereg op dat hierdie kwessies ook voorkom in akademiese navorsing en ons persoonlike interaksies. Dit vra vir debatte hieroor.

Reply

Waldemar Gouws
2023-10-21 at 14:34

Wat 'n stem! My dank aan die skrywer vir sy harde, harde arbeid. Tog, watter vis kan regtig water bedink?

Reply

Reageer

Jou e-posadres sal nie gepubliseer word nie. Kommentaar is onderhewig aan moderering.

Reageer

Jou naam*

Sybrandus Adema

Jou e-posadres*

sybrandus.adema@gmail.com

☑ Save my name, email, and website in this browser for the next time I comment.

PLAAS

☐ Stel my in kennis indien nuwe kommentaar bygevoeg word.